



Haar 'daaglikse brood'-begin-  
sel lui: "Ons vertrou die Here  
vir vandag, ons deel uit wat  
ons het. Want die mense is  
vandag honger." Jaco Strydom  
gesels met Melodie van  
Brakel. – Bl 5

Dodelike konflik: Onge-  
regtigheid en geweld –  
of dit van Israeli- of Pa-  
lestynse kant kom – is  
geensins in lyn met die  
Bybelse eise nie, skryf  
Louis Jonker. – Bl 6



# KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

28 Mei 2021

www.kerkbode.co.za • facebook.com/kerkbode

Deel 206 – Nommer 7

## Stappers durf dorre dele aan om omgee te wys

“Dankie aan die mense van Kanakies vir die wifi!” Met hierdie hartlike indien ietwat ongewone dankboodschap het stappers op Dag 6 uit die beplande 15 stapdae van die sogenaamde Boesmanland Camino van hulle laat hoor.

“Deur die hitte, droogte, seer knieë en blase gaan dit nog goed met (al die stappers). Die boere en werkers in hierdie areas het regtig hulp nodig,” het die stapspan van 13 mense aan ’n nuuskierige “buitewêreld” berig.

Die staptog, van 8 tot 22 Mei, strek oor ’n roete van sowat 314 km. Die doel is om die publiek bewus te maak van die geweldige nood van die mense op die plase,” luidens ’n verklaring deur Caritas, een van die NG Kerk se diensorganisasies.

“Hier in Kanakies was die totale reënval vir verlede jaar 67 mm – die meeste in ses jaar,” kon nuuskieriges lees via Droogtehelp – NG Kerk Noord-Kaapland se Facebookbladsy, wat ondanks kol-kol ontvangs goed bygehou is, gevolg deur die gereelde uitnodiging om donasies. Hierdie is immers nie sommer ’n gewandel deur dorre dele nie. Dit vind plaas ten bate van die NG Kerk in Noord-Kaapland en Caritas Gemeenskapsfokus se droogtehelp-fonds – ‘Red ’n Plaas’-projek.

Die bemarkingsprofiel van die staptog is verder gelik deur die radiopersoonlikheid Amore Bekker wat ’n deel van die pad sal saamstap en die projek aan die RSG-klok gehang het vir luisteraars regoor die land wat die behoefte het om die landbougemeenskap te ondersteun te midde van die droogte.

“Humanitêre hulp sluit in die voor-



Die ‘Red ’n plaas’-projek van die NG Kerk in Noord-Kaapland en Caritas Gemeenskapsfokus NPC bied onder meer ’n 24-uur noodnommer wat enige tyd deur boere, hulle gesins- en familielede, werkers en dié se gesinslede geskakel kan word. Hier word praktiese raad deur gekwalifiseerde beraders verskaf, asook emosionele bystand. Mense kan ook verwys word vir humanitêre hulp deur hierdie nommer te skakel. Om die projek te ondersteun deur ’n donasie te maak, besoek die Droogtehelp – NG Kerk Noord-Kaapland Facebookbladsy.

Foto’s met vergunning van Droogtehelp – NG Kerk Noord-Kaapland

siening van huishoudelike onderhoud, brandstof, skool- en universiteitsgeld en pastorale hulp sluit in gratis toegang tot gekwalifiseerde beraders wat emosionele bystand verskaf,” luidens ’n Caritas-verklaring.

Esté van der Merwe, die bemarkingsbestuurder van Caritas, verduidelik die konsep met die roete is om as ’t ware die spore van die droogte vanaf Calvinia te volg deur plekke soos Tierhoek, Naresie, Gannabos, Brandkop, Die Kloof, Kanakkies, Kliprand, Platbakkies, Studerspas tot in Garies.

Die staptog verteenwoordig ook

goeie samewerking vanuit kerkgeledere omdat twee streeksinodes van die NG Kerk saamspan vir hierdie droogtehelpprojek wat mense in die Noord- en Wes-Kaap raak, het *VrydagNuus* berig. Volgens ds Nioma Venter, Wes-Kaapse predikant in sinodale diens van die eenheidsbediening Diaconia, is daar hegte bande tussen die twee provinsies. “Ons sinodale grense verskil effens van provinsiale grense en ons het jare reeds ’n nou verbintenis met die Noord-Kaap. Beide streeksinodes het reeds sedert 2019 verreikende rampfondspromejkte ter waarde van meer as R8 miljoen

van stapel gestuur om plaasgemeenskappe in ons streke te ondersteun op ’n finansiële en pastorale vlak,” het *VrydagNuus* berig.

“Die droogte is egter nog nie gebreek nie en daar is mense wat geweldig swaarkry. Ons wil dus ’n beroep doen op ons gemeentes om die projek te steun deur die stappers te borg en sodoende ’n bydrae tot die fonds te maak. Ons wil graag die projek tot aan die einde van Junie laat duur en daarna sal al die fondse direk aan die Noord-Kaap oorbetal word as ’n geskenk uit die suide aan ons buurprovinsie,” aldus Venter.

# BYBEL-MEDIA SE TOP-5-BOEKE VIR DIE MAAND

## Top-boek vir die maand

### Die klip in Lisa se borskas




R99



## Wie het ook die lys van top-5-boeke gehaal?

R99

### Ben en die drakie



#### Ben en die drakie

Leer kinders meer oor angstigheid, hoe dit hulle beïnvloed en hoe hulle dit kan hanteer.

Ben se storie is spesiaal geskryf vir alle kinders (jonk en oud) om hulle te help om hulle angstige drakie te tem. Ben en sy drakie sal jou help om 'n paar dinge oor angstigheid te leer sodat jy iets daaraan kan doen.

R99

### Kolle en die gif




#### Kolle en die gif

Kolle se storie help kinders, jonk en oud, om te leer wat om met 'n boelie se gif te doen.

Kolle en die gif vertel die storie van twee gruwelike boelies wat oral gif versprei met hulle boeliegedrag. Maar die gif doen niks aan Kolle nie. Die boodskap wat Kolle oordra, is dat die liefde altyd sterker sal wees as bangwees vir 'n boelie.

R100

Jaap Durand en Verena Schoeman



#### Bloedbruide van Christus 2

Jaap Durand en Verena Schoeman se boek is nie bloot beriggewende vertellings wat rapporteer oor die lyding van vroue eeue gelede nie. Hulle skryf met 'n dringendheid, intense betrokkenheid en passie. Hier is skrywers aan die woord wat diep geraak is deur die gebeure wat verhaal word, en die leser kan nie anders as om aan die hart gegryp te word nie.

R150

### With the eyes of a child



#### With the eyes of a child

A must-read for everyone who has the responsibility to raise a Christlike generation in these challenging times.

*With the eyes of a child* is unique in its simple approach to the training and equipping of people involved in children's ministry. The content is based fully on the Word, and the main theme and ultimate goal of this work is to make Jesus shine as a hero and role model to children.

Die reeks kinderboeke is ook beskikbaar in Engels en binnekort beskikbaar in isiXhosa en Sesotho.

# Evangelievlam brand nog helder in Masjonaland

HELÉNE MEISSENHEIMER

Dis al net meer as 40 jaar sedert die NG Kerk die meeste van hulle werknemers uit die ou Rhodesië onttrek het en die leisels oorgegee het aan die dogterkerk, vandag die Reformed Church of Zimbabwe (RCZ).

Zimbabwe, eens die broodmandjie van Afrika, kan vandag nie vir sy mense sorg nie. Steierend onder 'n inflasiekoers van meer as 700% met 90% van sy inwoners werkloos, wonder vele sendingkinders en oud-sendingwerkers dan ook: 'Hoe gaan dit met die kerk daar?'

Dié vraag was op die tafel by 'n onlangse saamtrek van oud-Masjonalandkinders in die pragtige Meiringskloof in die Oos-Vrystaat. Die nagte mag koud gewees het met die eerste sneeu op die Drakensberge, maar die harte was warm. Vir baie was hierdie 'n eerste weersiens sedert hulle mekaar laas as kaalvoetkinders gesien het in Masjonaland, in die suide van Zimbabwe. Die hoofsendingstasie, Morgenster, is in 1891 gestig deur ds Andrew Louw en het beskik oor 'n hospitaal, oogkliniek, skole (waaronder 'n Skool vir Doves), en kolleges vir die opleiding van predikante, onderwysers en verpleegsters.

Stories het maklik gevloei met herinneringe aan 'n sorgvrye kindertyd met



Coenie Brand se ouers André en Bineke is naby Morgenster deur vryheidsvegters doodgeskiet. Hy het die saamtrek gereël. Die oorspronklike kersblaker van ds Andrew Louw, stigter van Masjonaland Sending is aan hom oorhandig.

Foto: Heléne Meissenheimer

ure se 'sedenza' gly op afgeskuurde turksvyblare op rotse, swem in poele en handevol pap eet met sadza en muriwo as bykos. In een van die staaltjies het twee klein seuntjies een winter 'n klein vuurtjie gemaak wat gou 'n groot stuk droë grasveld afgebrand het. Huilend het die een vir sy pa gesê: "Pappa, ons het net só 'n klein vuurtjie gemaak, en kyk hoe groot is dit nou!"

Só is dan ook gewonder of die vlammetjie van die evangelie, wat meer as 130 jaar gelede onder die VaShona gesamentlik deur swart evangeliste en wit sendelinge aangesteek is, steeds sterk brand?

Dit was met groot hartseer dat die meerderheid NG werknemers en hulle gesinne die land in die laat 1970's, in opdrag van die Algemene Sendingkommissie, moes verlaat weens die toename in gewapende aanvalle op alle sendingstasies. Daar was selfs sendelinge wat met hulle lewe geboet het, waaronder André en Bineke Brand. Morgenster en al die ander sendingstasies wat deur die NG Kerk gestig is, is in die nuwe bedeling oorgegee aan die RCZ.

Sybrand 'Spokie' Smit (84), jarelange faktotum op Morgenster, was een van die laastes om te vertrek in 1978. Hy vertel in 1991 was hy terug vir die eeu-feesviering en hoewel daar verwaarloosing was met die gras heuphoogte in sy ou werkswinkel en die kapel se dak ingeval, was hy bemoedig dat die werk voortgaan. Só kon ander ook bevestig al word dinge 'anders' gedoen, groei die kerk steeds.

Honderde predikante is oor die jare gelegitimeer en die RCZ het gegroei van 30 gemeentes in 1978 tot 118 gemeentes vandag. Duisende studente voltooi jaar-

liks hulle studies by die kolleges en Morgenster spog selfs nou met 'n universiteit (RCU)!

In die jare na die Rhodesiese oorlog, kon die NG Kerk (Wes-Kaap) weer die RCZ ondersteun met die stuur van enkele sendelinge. Die laastes was wyle ds Henry Murray (oorlede 2014) en ds Gerard Breytenbach by CAVA, wat in 2020 afgetree het.

Finansieel trek die kerk in Zimbabwe baie swaar. Baie predikante kry vir maande nie salaris nie omdat gemeentelêde self in 'n oorlewingstryd gewikkel is. Die Henry Murray Gedenkfonds, geadmistreer deur die Wes-Kaapse Kommissie vir Getuienisaksie, bied reeds vir baie jare ondersteuning om die nood te verlig van weeskinders (skoolfooie), die Teologiese Kollege sowel as ander instansies en projekte op Morgenster en omliggende sendingstasies.

• Vir inligting oor bydraes tot die Gedenkfonds en/of om in te teken op die Morgenster Nuusbrief, kontak Susan Murray by [hensansjm@gmail.com](mailto:hensansjm@gmail.com). Bydraes tot die Henry Murray Gedenkfonds kan soos volg gemaak word: NG Kerk in SA, Nedbank, Rek: 1135900280 verw: HM Gedenkfonds. Stuur bewys van betaling en jou naam aan [kga1@kaapkerk.co.za](mailto:kga1@kaapkerk.co.za)

## Ma vertel wat 18 jaar lank bid dat seun nuwe longe kry

JACOBIE M HELENA

Anna-Mart van der Merwe, maatskaplike werker en traumaberaader in die Breëriviervallei, moes in 1997 hoor haar driejarige seuntjie het 'n oorerflike en ongeneeslike siekte. Twee en twintig jaar later het 'n tragedie sy lewe gered.

Toe die verdoemende diagnose kom dat klein Andries aan sistiese fibrose\* ly en dat sy lewensverwachting maar 12 jaar is, het sy ma se geloofspad met God opnuut begin. Anna-Mart het vroeg besef dat hulle as gesin voluit moet lewe. Dat gehaltetyd belangriker as die hoeveelheid tyd is.

Maar Andries het toe veel ouer as die verwagte 12 jaar geword. In 2019, toe hy 25 jaar oud was, het hy 'n dubbele longoorplanting ondergaan. Dié oorplan-



ting was moontlik nadat Storm Smorenburg van Riversdal, op pad skool toe met 'n skaatsplank, verongeluk het. Dit was Storm se longe wat in Andries oorgeplant is.

"Dit was verskriklik om my kind só te sien," vertel Anna-Mart van der Merwe oor haar seun Andries voordat hy 'n dubbele longoorplanting ondergaan het. "Hy kon net 100 meter ver stap, dan moes hy gaan sit. Hy was so bleek. Hy wou net lê, hy wou nie eet nie.

"Alhoewel hy deurentyd gesê het hy wil nie suurstof hê nie omdat suurstof 'n mens se longe swakker maak, het hy my op 22 Augustus 2019, sesuur daardie Donderdagoggend, gebel en gesê hy kan nie meer nie. Hy gaan suurstof aanvra.

"Sy dokter het vir hom gesê dat hy die naweek in die bed moes deurbring en dat hy eers moes wag. Hy kon die Maandag die suurstof ontvang. Hulle het nog op toetsuitslae gewag.

"Daardie oggend 7:45 het Storm Smorenburg, op pad na die eksamenlokaal by Hoër Landbouskool Oakdale in Riversdal, met sy skaatsplank geval.

"Die Vrydagaand 10:00 het Andries met die nuus gebel dat hulle die perfekte longe vir hom gekry het. Sy woorde was: 'Mamma, ons is 'n match. My operasie is sesuur Saterdagoggend, 24 Augustus 2019.'

"Die Here het op die laaste minuut voorsien. Dit is hoe getrou God is."

Anna-Mart vertel: "Ek het van die jaar 2000 af begin om vir daardie familie te bid wie se geliefde die oorplanting vir Andries sou voorsien. Ek het gebid dat dit 'n jonger persoon moes wees. Iemand wat reeds die wêreld gesien het. Dat dit 'n geliefde mens moes wees, want ons sou graag die familie wou ondersteun.

"Sy dood was 'n groot tragedie. Maar sy ma, Lisa Smorenburg, het vir my gesê: 'Anna-Mart, toe Storm gebore is, het dit vir my gevoel ek maak hom vir iemand anders groot.'

"Hierdie woorde het my getroos. Dat sy dit geweet het, het my getroos. En tot vandag toe het ek en Lisa 'n goeie verhouding. Lisa besef haar seun het gesterf sodat ander kan leef. Nie minder nie as sewe ander mense se lewe is deur sy dood gered. Storm se geskenkte organe was die gebedsverhoring van sewe ander mense."

"Elkeen van ons moet 'n storie leef. 'n Storie van hoop. Moenie moed opgee nie.

"Ek het 18 jaar lank gewag voordat God vir Andries nuwe longe gegee het. Ek het in Julie 2001 vir die eerste keer gebid: 'Here, voorsien asseblief longe.' Dit was toe Andries amper dood is.

"Min het ek geweet dat God op daardie einste dag voorsien het. Ek het 18 jaar later eers gehoor wat Storm se geboortedatum is. Toe ek in my joernaal



Byna twee jaar ná sy dubbele longoorplanting werk Andries van der Merwe as hoofsjef by die Hygge Hygge-restaurant in Stellenbosch. Die eienaar van die restaurant ly, net soos Andries, aan sistiese fibrose. Andries moet vir die res van sy lewe anti-verwerpingsmedikasie gebruik. Hy ondergaan weekliks bloettoetse. Foto verskaf

gaan kyk, was dit die presiese datum waarop ek vir die eerste keer vir longe vir Andries gebid het.

"Die Here voorsien. Op die regte tyd sal God vir jou ook sê: 'Hier is Ek!'"

\* Sistiese fibrose is 'n siekte wat ernstige skade aan die longe, spysverteringstelsel en ander organe in die liggaam veroorsaak deurdat dié toestand die liggaamselle beïnvloed wat slym, sweet en verteringsappes produseer.

• Anna-Mart het onlangs 'n boek, *Stilte voor Storm*, oor haar geloofspad geskryf. – Kyk die video by [lig.co.za](http://lig.co.za)



# Van vlugteling tot 'dokter met goue hart'

ENGELA DUVENAGE

Van aanhou ten spyte van kan 'n mens vir dr Emmanuel Taban van Pretoria min vertel. Hy het in bitter arm Suid-Soedan grootgeword, en geryloop na 'n beter lewe in Suid-Afrika. Hier het hy danksy die ondersteuning van individue en welwillendheidsorganisasies soos die Katolieke Comboni Sendelingmissie in Johannesburg skool voltooi en reeds drie mediese grade behaal. Nooit ooit laat vaar hy sy geloof in sy eie potensiaal of in die aangryp van geleentheid nie.

Vandag is hy 'n pulmonoloog wat spesialiseer in probleme van die asemhalingstelsel. Sy pasiënte by Mediclinic Highveld in Trichardt en Midstream Mediclinic in Centurion noem hom die "dokter met die goue hart".

Met die uitbreek van die Covid-19-pandemie was die 44-jarige spesialis deel van die hospitaalgroep se noodspan wat moes adviseer oor protokolle rondom kwarantynmaatreëls en behandeling. Hy het reeds talle lewens help red deur 'n tegniek voor te stel om dik proppe slym uit pasiënte se longe te verwyder. Dit vergemaklik asemhaling. Daarvoor het hy selfs al in internasionale spesialisjoernale gepubliseer.

Emmanuel het kaalvoet grootgeword in die Noord-Afrikaanse land Suid-Soedan, wat onder meer deur Soedan, Ethiopië, Tsjad en Uganda begrens word. Dis sedert 2011 die jongste soewereine staat ter wêreld. Jarelange burgeroorlog het dit sodanig vernietig dat uiters min infrastruktuur en geleentheid bestaan. Suid-Soedan haal die wêreldranglyste vir al die verkeerde redes. In 2019 het dit die derde laaste plek in die World Happiness Report en die Global Peace Index ingeneem.

Op 'n praktiese vlak het sy grootwordjare beteken dat dit geensins snaaks was vir Emmanuel dat rotte snags aan sy hakskene knaag terwyl hy op die grond tussen sy sibbes probeer slaap nie. Ten spyte van sy honger na opvoeding kon hy net dan en wan skoolgaan. Sy pa is vroeg oorlede.

As 16-jarige het dit sedert 1994 vir hom 18 maande geneem om Suid-Afrika te bereik.

"'n Voordeel van alleen reis was dat niemand langs die pad juis vir my vreeslike stories kon inprent oor wat kon verkeerd loop nie. Niemand kon twyfel saai nie," sê Emmanuel. "Bly weg van negatiewiteit, en gryp eerder geleentheid aan. Te veel kere fokus mense eerder op wat nie moontlik is nie, as op die moontlike."

Emmanuel en skrywer Andrew Croft vertel sy merkwaardige verhaal in *The boy who never gave up – a refugee's epic journey to triumph* (Jonathan Ball Pub-



Dr Emmanuel Taban

Foto: Elizabeth Sejake

lishers), wat vroeër vanjaar verskyn het.

Dit begin so: "Ek het altyd gehardloop. Niks kon my stop terwyl ek entoesiasies deur my kinderjare beweeg het nie."

Dit is steeds sy ingesteldheid teenoor die lewe.

Oor die telefoon, in ons gesels tussen pasiëntbesoeke aan sy spreekkamer deur, klink dit byna asof Emmanuel nie tot 'n negatiewe gedagte in staat is nie. Hy't egter min geduld vir diegene met 'n sogenaamde "slagoffer-mentaliteit" wat agter verskonings skuil en andere blameer as dit nie goed met hulle gaan nie.

Harde werk, glo hy, is die enigste ding wat die mensdom kan red. Daar is geen ander towerkrag aan sukses nie.

"Besluit op jou doel. Bly fokus daarop, al is daar afdraaiplekke en terugslae. Begin net weer, en vat die pad verder. Fokus daarop om jou reis te voltooi."

Sy lewensuitkyk is op drie pilare gebou: passie, vasberadenheid en volharding.

"Dis deel van my DNS."

Paulo Coelho se bekende *The Alchemist* het hom geïnspireer om sy eie storie neer te pen – een waaroor hy as jongman en sogenaamde "destitute child" aanvanklik skaam was. "Ek het uiteindelik besef my reis is nie veel anders as baie ander mense s'n nie, en dat ontberinge bloot net deel van my reis en einddoel was."

Die verskyning daarvan het nie maklik gekom nie.

"Nadat ek reeds geruime tyd daaraan gewerk het, kon ek teleurstellend ge-

**"Bly weg van negatiewiteit en gryp eerder geleentheid aan. Te veel kere fokus mense eerder op wat nie moontlik is nie, as op die moontlike."**

noeg nie 'n uitgewer daarvoor kry nie."

Op 21 Junie verlede jaar het 'n brutale byvoeging tot sy lewensverhaal die koerante in sy aanneerland gehaal. Dit het uiteindelik tot die boek se publikasie gelei, vertel hy so half wrang.

Emmanuel en sy vrou Motheo (wat spesialiseer in kardiopulmonêre fisioterapie) was haastig op pad na die Midstream Mediclinic om pasiënte te sien. Hy erken hy het wederregtelik oor 'n spersstreep gery. Met dié is hy deur 'n maskerlose, aggressiewe metropolisielid afgetrek. Die beampte was woedend toe Emmanuel hom in Engels eerder as Sepedi (wat Emmanuel nie magtig is nie) aanspreek.

"Ek het hom gewaarsku dat ek as dokter COVID-19 pasiënte behandel, en dat hy eerder 'n veilige afstand van my moet handhaaf. Dit het hom selfs meer kwaad gemaak."

Om 'n lang storie vol misverstande en aggressie kort te maak is Emmanuel uitgekryt as 'n makwerekwene ('n buitelandse). Motheo is hardhandig aangeraand ten aanskoue van twee vrouebeamp-tes. Die egpaar is in 'n metropolisiekombi

gedruk. Emmanuel is gewurg tot hy bewusteloos geword het. Die egpaar is uiteindelik by die Lyttelton Polisiestasie vrygelaat.

In die boek sit Emmanuel die insident so in perspektief: "Ek het vanuit die oorloggeteisterde Soedan ... gevlug nadat ek deur regeringstroepe ontvoer en gemartel is. Na my ontsnapping het ek maande lank suidwaarts gereis deur talle Afrikalande. Ek het hongersnood, lewe op straat, diewe, korrupte grensbeamptes en talle gevare tot in Suid-Afrika oorleef. Maar daardie dag kon nie eens my mediese graad my red nie. Ek was nog nooit so bang vir my lewe nie."

Dan voeg hy egter met sy tipiese Taban-optimisme by: "My hele lewe lank weier ek om 'n slagoffer te wees. Ongeag die hindernisse wat in my pad kom, bly ek altyd positief en optimisties oor die toekoms. Nie rassisme of xenofobie sal my siening verander nie.

"Ek haat hulle nie. Ek neem alles wat met my in die lewe gebeur as 'n les. Ek probeer volgende keer dinge beter doen. Ek hou aan vorentoe beweeg."



## Jaco Strydom gesels met **Melodie van Brakel**

# So leef (en verduidelik) Melodie van Brakel haar 'daaglikse brood-beginsel'

“**E**k het 'n tronksakkie saam met my gedra vir 'n hele ruk met drie dae se pille, 'n tandeborsel, tandepasta en 'n mus, just for in case ek gearresteer word,” vertel Melodie van Brakel en ek dink aan Shane Claiborne wat gesê het, hy was nog nooit soveel in die moeilikheid as vandat hy besluit het om vir Jesus te volg nie.

Melodie is die stigter en HUB van Cradle of Hope in Krugersdorp, 'n maatskappy sonder winsbejag wat in 2007 tot stand gekom het. Hulle bedryf tans vyftien projekte om hoop te bring aan die mees weerlose mense in hulle gemeenskap, onder andere skuilings vir vroue met kinders en 'n gemeenskapskleuterskool. Cradle of Hope se sopkombuis voorsien 600 etes per dag en lewer 'n horde kospakkies weekliks tuis by mense in nood se wonings af – dikwels shacks in die informele nedersetting.

“Dis niks vreemds om viruur in die middag 'n ma te kry met drie kinders wat by jou opdaag wat van iewers af geryloop het nie. Hulle is getraumatiseer, hulle is honger, hulle is verslaan. Dan help ons hulle, ons neem hulle in, ons kyk wat hulle onmiddellike behoeftes is. Ons maatskaplike werker assesser hulle die volgende dag en ons kyk maar hoe ons onmiddellik kan help. Baie van hulle kom uit baie ernstige domestic violence, die kinders moet kleuterskool toe gaan, partykeer moet hulle by 'n dokter uitkom, baie van hulle is verkrag. Dit is 'n baie emosionele plek waar ons hulle ontmoet,” vertel Melodie.

Ek vra haar waar alles begin het.

Daar was twee groot draaipunte in haar lewe.

Die eerste een was in 2003 toe haar blindederm gebars het en sy baie erge septisemie gekry het. Sy was weke lank in die hospitaal en het letterlik by die dood omgedraai.

“Ek was 38 jaar oud, ek het daar gelê en gewonder, wat beteken my lewe? Wat is die legacy wat ek los? En toe het ek God ontmoet in daardie bed.

Toe ek uit die hospitaal uit kom, besef ek dis vir 'n doel dat my lewe gespaar is en ek het begin soek na daai doel. Ek het almal om my mal gemaak,” lag sy, “almal het vir my gebid, want hulle het gedink ek het totaal van my kop af geraak, maar ek het net aangehou sê, die Here het my lewe vir 'n doel gered en ek wil uitvind wat dit is.”

Naby haar kinders se skool was 'n plakkerskamp. Sy het betrokke geraak,

aanvanklik bloot as 'n vrywilliger.

“Ek het onder andere gehelp om 'n klein kleuterskooltjie te begin, en daar het my pad gekruis met mammas wat daar gebly het en wat prostitute was, want hulle moes kos op die tafel sit, of wat getroud is met 'n man wat aan dwelms verslaaf is, hulle verniel het, met 'n mes gesteek het, in die vuur gegooi het, die kinders verkrag het ... Dit was verskriklike omstandighede.”

Sy het soms tot veertien uur per dag in die plakkerskamp deurgebring.

Melodie vertel dat dit eintlik 'n besondere goeie tyd vir hulle as gesin was. Almal het saam begin omgee. Haar man, 'n geoktrooierde rekenmeester, het gehelp om 'n maatskappy sonder winsbejag te stig, haar kinders het soms na skool gehelp. Sy onthou hoe haar oudste dogter die mense se voete verpleeg en dorings uitgehaal het, en haar jonger kind die kleiner kinders rondgedra het.

En toe gebeur die tweede draaipunt.

“In Oktober 2008 was my matriekdogter op 'n kerkkamp op die Suidkus. Sy en 'n klomp vriende het gaan swem by die lagune, sy het 'n draai gaan loop

agter 'n duin, hawelose mans wat in die bos gebly het, het haar gegryp, weggesleep en verkrag ...”

Ek weet nie wat om te sê nie. Vra of sy dink ek moet dit noem in die artikel. Sou haar dogter nie 'n probleem hê nie?

Sy help my om te besef dat stilte oor dié tipe dinge, juis die probleem is. Haar dogter is vandag 'n ISE-suster en het al dikwels op televisie, radio en ander forums haar storie vertel.

Melodie vertel hoe hulle gesukkel het om hulp vir haar dogter te kry en hoe juis dit haar oë oopgemaak het. Haar man is 'n CA, hulle het 'n mediese fonds en is bekende mense op die dorp en hulle het steeds gesukkel om gespesialiseerde hulp te kry. Wat doen die hordes vroue wat arm en alleen is, geen mediese fonds het nie, geen ondersteuning, wat totaal weerloos is?

Dit is asof Melodie elke keer negatiewe energie kon omswaai in iets goeds. Sy was nou meer as ooit tevore gemotiveer om die wêreld 'n beter plek te maak!

Die heel eerste ding wat ons mos van God lees in die Bybel, is dat Hy iets

maak uit niks, lig uit duisternis, goeie goed uit chaos.

Sy sê sy is nogal 'n fighter. En ek glo haar!

Nou die dag was daar 'n program oor haar op *Carte Blanche* oor hoe hulle opstaan vir kinders in nood en sy het onlangs 'n groot hofsaak teen die regering gewen – die owerhede was kwaad omdat hulle kos gegee het vir van die mees weerlose mense in die Covid-tyd.

Melodie het in 2019 'n toekening gekry as besigheidsvrou van die jaar – en dit vir iemand in 'n nie-winsgewende organisasie.

Daar is baie mooi goed wat haar opgewonde maak, maar elke nou en dan word sy moedeloos en dikwels kwaad. Een van die dinge wat haar ontstel is rassistiese mense wat na haar toe kom en sê hulle wil net witmense help.

“Dan sê ek vir die oom en tannie, jammer, dan kan ons nie julle skenking vat nie, want ons help almal wat in nood is, ongeag hulle kleur,” sê sy.

Ek verduidelik dat *Kerkbode* onder andere deur baie dominees gelees word en vra wat sy vir hulle sou wou sê?

Melodie sê sy het baie empatie met dominees en pastore. Sy besef hulle het dit nie maklik nie en werk onder baie druk. Die een ding wat haar wel pla, is dat dit dikwels lyk of gemeentes en sinodes veilig speel en “save for a rainy day”, terwyl dit duidelik besig is om reeds te stortreën.

Sy vertel my haar 'daaglikse brood'-beginsel: “Ons vertrou die Here vir vandag, ons deel uit wat ons het. Want die mense is vandag honger. As hier vanmiddag 'n ma aankom wat geryloop het van Klerksdorp af, met drie getraumatiseerde kinders, en daai kinders het nie skoene nie, en dis winter en dis koud, sal ons nou geld vat en PEP Stores toe ry en vir hulle skoene gaan koop, want hulle voetjies is nou koud, nou, vandag ...”

Hel, ek pink amper 'n traan weg. Hierdie vrou verstaan die hart van die evangelie beter as die meeste goeie teoloë wat ek ken!

As ek Jesus reg verstaan, word “goeie teologie” nie net gepraat, beredeneer, geskryf, gebid en gesing nie, dit word gelewe. Veral teenoor die mees weerlooses in die gemeenskap.

Kan jy dink hoe die wêreld sou lyk as die meeste kerkmense die evangelie soos Melodie van Brakel sou verstaan?

► *Ds Jaco Strydom is verbonde aan die NG gemeente Villieria in Pretoria en die Echo-Jeuggemeenskappe.*

“**Ek was 38 jaar oud, ek het daar gelê en gewonder, wat beteken my lewe? Wat is die legacy wat ek los? En toe het ek God ontmoet in daardie bed.**”



Melodie van Brakel

## Oor (ander se) swaarkry

Die voel voor die hand liggend om 'n pleidooi om vrede te rig wanneer geboue inplof onder missielvuur en mense – oud en jonk – sterf teen die tempo wat ons tans in die Midde-Ooste aanskou.

Tussen 10 en 19 Mei het 227 mense in Gaza en 12 in Israel gesterf. In Oos-Jerusalem en die Wesoeer is meer as 4 800 mense in dieselfde tydperk bekeer en 'n verdere 24 dood, volgens data wat die Al Jazeera-nuusdiens onder meer by Gaza se departement van gesondheid kry.

Joernalistiek gesproke werk dit, as “ontwikkelende nuusstorie”, op ten minste drie vlakke.

Die een is syfergedrewe. Morbiede data wat toon dat 68 uit die bogenoemde dodetal kinders was. Nog 'n deel van daardie snelle berekenings lui iets soos hierdie twiet deur Israel Defense Forces wat regstreekse inligting aan sowat 1,4 m volgelingen bied:

“Not 1.

Not 2.

Not 3.

4,000 rockets were fired from Gaza toward Israel in the last 10 days.

We will continue to defend Israel.”

Naas die data is daar die politieke vlak van dié wat onder andere vanaf eie bodem deur pres Cyril Ramaphosa aangespreek is deur 'n vergelyking met Suid-Afrika se destydse apartheidspolitiek te trek: “The latest violence was sparked by an Israeli court decision to evict a group of families from their homes in the Sheikh Jarrah neighbourhood in East Jerusalem to make way for Israeli settlements,” skryf Ramaphosa op 17 Mei in sy weeklikse nuusbrieff. “The sight of men, women and children being evicted from the homes their families have lived in for generations brings back painful collective and personal memories for the majority of South Africans – of forced removals and land dispossession. Die president praat uit persoonlike ervaring wanneer hy skryf: “Being forced from one's home at gunpoint is a trauma not easily forgotten, and is carried across generations. As a country we are still living with the residual effects of the callous acts carried out in the name of apartheid spatial planning.”

Nie almal deel sy politiek nie. In Israel sal jy met mense kon gesels soos Gideon Shimoni. Die Suid-Afrikaansgebore emeritusprofessor aan die Hebrew University of Jerusalem kies om die verskil tussen apartheid-era Suid-Afrika en hedendaagse Israel uit te lig. “Israel is a democracy in which every citizen whether Arab or Jew has the same rights ... in principle. There is prejudice, there is discrimination, these are things that happen in every society but it's not a system, which

apartheid was, which is statutory division into classes, into categories by race and from birth to death everything is determined by race categorisation ... this doesn't exist in Israel. In Israel we have a supreme court, upon which Arab citizens of Israel sit, who put a president in jail!” het Shimoni in Desember 2018 in 'n onderhoud in sy woning in Jerusalem verduidelik.

“The evil of apartheid was that this was legalised statutory discrimination,” meen hy.

Ramaphosa se punt in sy onlangse skrywe is natuurlik juis dat die euwel van apartheid nie net wetgewing was nie. Hy skryf: “Just as Israeli security forces were attacking worshippers at the Al Aqsa Mosque, we in South Africa were preparing to commemorate the centenary of the Bulhoek Massacre at a religious site in Ntabelanga in the Eastern Cape. On 24 May 1921, colonial security forces armed with machine guns and artillery opened fire on worshippers, killing more than 160 people and wounding nearly 130. The massacre laid bare the brutality not only of the police force of the Union of South Africa, but also the racist system that it was charged to uphold.”

Wat ons by die derde vlak van die storie bring – gesneller deur die frase “laid bare” ... Die derde is die visuele aspek van konflik in 'n era met ongekende burgerlike joernalistiek tesame met perkelose sosiale media-dekking. Data kan “praat” van 68 kinders wat sterf, maar 'n foto van een kind wat leweloos uit puin gelig word, omring deur volwassenes wie se gesigte vertrek van pyn en hartseer, vertel die storie op 'n ander manier. Die gesegde is dat 'n foto 'n duisend woorde saamryg. Dat dit selfs woorde troef. Dink 'n mens aan die Soweto-opstand van 1976 doem Sam Nzima se foto by jou op – waar Hector Pieterse in die arms gedra word. Die emosionele lading van daardie foto verminder nie met tyd nie, inteendeel.

Maar selfs die visuele het nie die laaste woord nie. Televisie en slimfone kan optree as megafone vir lyding, maar die verhouding met die kyker is kompleks, verduidelik Jean Seaton in 'n 2005-studie oor nuusdekking van geweld. “The news legitimates pains and arranges them into hierarchies. It articulates and shapes fears,” skryf Seaton in *Carnage and the media*. “Audiences view distant news suffering collectively, yet are often apparently indifferent for many reasons. One is that the news rarely gives the end of the story, tragedy replaces another in a succession of misery.”

Die kyker sukkel weldra om soorte swaarkry te onderskei en vind selde afsluiting van enige aard. Klink dit bekend?

# Waar onskuldige burgers sterf, is dit eenvoudig mense-regtevergrype

**Die groot jammerte is dat die vervolgte so dikwels in die geskiedenis die vervolger word, skryf LOUIS JONKER aan die hand van die konflik wat tans in Israel en Palestina woed.**

Vir die soveelste keer is Israel en Palestina in 'n oorlog met mekaar gewikkel. Vir die hoeveelste keer is mense oor die wêreld verstom dat hierdie internasionale brandpunt blykbaar nooit gaan ophou brand nie. En vir die tienduizendste maal wonder mense oor die wêreld heen hoe dit moontlik is dat stoere godsdienstige mense van die twee grootste godsdienste so met mekaar kan omgaan.

In Suid-Afrika gaan menings oor hierdie konflik dikwels wyd uiteen. Daar is 'n sterk groep wat wil opstaan vir geregtigheid, en wat die aanvalle van Israel teen die Palestyne vergelyk met Apartheid-Suid-Afrika – met gepaardgaande oproepe vir boikotte en disinvestering. Maar, aan die ander kant is daar talle uit Christelike groeperings wat hulle solidariteit met Israel wil betoon, omdat dit die land en volk van die Bybel is.

In 2014 was daar 'n soortgelyke krisis, met ewe katastrofiese gevolge. Ekself het in daardie jaar 'n reis na Israel om in argeologiese opgrawings te gaan deelneem, gekanselleer – nie net ter wille van veiligheid nie, maar ook omdat ek my glad nie kon vereenselwig met wat in daardie krisis aan die gebeur was nie. Ek het daarna 'n stuk geskryf om helderheid in my eie gemoed te kry, maar dit nooit gepubliseer nie. Ek het gewonder watter lesse uit die onlangse Suid-Afrikaanse geskiedenis geleer kan word wat vir Israel-Palestina van betekenis kon wees.

Ek het toe tot die gevolgtrekking gekom dat die “wonder” van die oorgang na demokrasie in Suid-Afrika nie afhangend was van allerhande groot versoeningsdade nie, maar van die gesindheid van twee leiers: Nelson Mandela en FW de Klerk. Ja, ek weet dat dinge baie meer kompleks was as dit! Maar, die feit dat daar twee gerespekteerde leiers was wat hulle verwondbaarheid aan mekaar toevertrou het ter wille van 'n vreedevolle oorgang na 'n regverdige bestel, het 'n reuse-verskil gemaak. Natuurlik het die nuwe demokrasie ook weer sy pyne opgelewer – veral wanneer dit gekaap word

deur gierige en korrupte leiers wat tot nadeel van arm mense daaruit probeer voordeel trek het. Maar, die feit is dat ons oorgang nie tot bloedvergieting gelei het soos die hele wêreld verwag het nie.

Ek het tóe algaande begin dink dat 'n twee-staat-oplossing vir Israel-Palestina nooit 'n oplossing sal wees nie. Trouens, dit sal bloot die institutionalisering van vyandskap wees. 'n Een-staat-oplossing (soos met die verdwyning van die tuislande in Suid-Afrika in effek gebeur het) sal eerder uitdrukking gee aan versoening. Ek het sedert 2014 'n punt daarvan gemaak om aan Israeli-kollegas (met wie 'n mens noodwendig skouers skuur as jou vak die Ou Testament is) te vra of hulle meen daar twee leiers in Israel en Palestina is wat 'n soortgelyke rol as Mandela en De Klerk sou kon speel. Telkens was ek mismoedig om te hoor dat daar nie sulke leiers is nie. Sommige het gemeen dat die vermoorde Yitzhak Rabin en Yasser Arafat dalk daardie rol in die 1990s en met die Oslo-ooreenkoms kon speel. Maar, die sluipmoord op Rabin op 4 November 1995 het alles verander. En dit is hartseer om te hoor dat kritiese Israëls meen dat die huidige premier, Benjamin Nethanyahu, eenvoudig oorlog gebruik om sy eie posisie in die Israeli-politiek te verstewig.

Trouens, daar is duidelike aanduidings dat die huidige konflik weereens haarfyn beplan was. Israeli-burgers in ander lande (selfs ook in Suid-Afrika en Stellenbosch waarvandaan ek skryf) is 'n week voor die uitbreek van die oorlog teruggeroep na hulle land omdat vlugte moontlik in die volgende week gekanselleer sou word. Dit is berekende en beplande geweld, en niks anders nie.

Natuurlik is die Palestyne geen engeltjies nie – veral nie onder leiding van Hamas in die Gasastrook nie. Terloops, die Hebreeuse woord *hamas* beteken “geweld”. Hoe sê die spreekwoord: “It takes two to tango” (of om oorlog te maak). Die jarelange en wedyersydse haat laat niemand onskuldig nie. Waar onskuldige burgers (dikwels ook vroue en kinders) sterf weens missielaanvalle of artillerievuur – ongeag aan watter kant van die kaplyn – is dit eenvoudig 'n mense-regtevergrype.

Ek hoor nou die stemme van vrome Christene wat sou wou beweer dat Israel tog mos die volk van God is, soos



die Ou Testament ons mos vertel. Dit is allermins waar. Die huidige probleme is nie eeue oud soos sommige beweer nie. Dit het in 1948 gebeur toe daar in die nadraai van die moord op Jode in Duitsland deur wêreldleiers besluit is dat Jode tog wel 'n vastrapplek vir hulle voete moet hê. Dit opsigself was 'n nodige stap van die internasionale gemeenskap om die verfoeilike dade tydens die Naziregime te probeer vergoed. Die groot jammerte is egter dat die vervolger so dikwels in die geskiedenis die vervolger word. En dat die moderne staat Israel wederregtelik die Wesbank algaande beset, om Palestyne van hulle dekadelange woonplekke te ontnem. Het ons dit nie ook in die Afrikanergemeenskap in Suid-Afrika gesien nie? Nadat die Afrikaners in die stof van die aarde vertrap is in die Engelse oorlog en deur Britse imperialisme, het dieselfde Afrikaners presies so teenoor hulle swart landgenote gaan doen.

Die Israeli-regering van vandag is skuldig aan presies dieselfde ongeregtigheid. Aangevuur deur 'n Sionistiese ideologie wat in die laat-negentiende eeu na vore begin kom het (en wat nie verwar moet word met Semitisme of die Jodendom van die Bybel nie), bedryf die huidige Israeli-regering onder leiding van Nethanyahu allerhande ongeregtighede teen diegene wat vir eeue lank in die area gewoon het, naamlik die Palestyne. Enige kritiek teen hulle rigting word dikwels as anti-Semitisme

geklassifiseer. Maar dit is 'n verwarring. Anti-Semitisme en anti-Sionisme is twee verskillende dinge. Ek beskou myself as anti-Sionisties, maar nie as anti-Semities nie.

Hoe moet Christene reageer op hierdie hartseer gebeure? Eerstens moet ons besef dat ongeregtigheid en geweld – of dit van Israeli- of Palestynse kant kom – geensins in lyn is met die Bybelse eise nie, en dat dit ten sterkste veroordeel moet word. Tweedens, ons moet kennis neem dat daar ook Christene onder die Palestyne is, en ook Moslems onder die Arabiese Israelis. Dit is dus 'n oorveenvoudiging om die krisis te tipeer as 'n verdediging van Joods-Christelike waardes en belange teenoor Islam. Derdens, versoening kan slegs ondersteun word waar ons nie toelaat dat ons eie ideologieë waarin ons die moderne Israel met die Bybelse Israel verwar, ons perspektiewe bepaal nie.

Daarom is my pleidooi: Laat ons as Christene, tesame met Moslems, opstaan teen die geweld en ongeregtigheid wat in Israel-Palestina gepleeg word. Laat ons as kerkmense bewus raak van ons eie vooroordele wanneer ons kant kies tussen hierdie twee groepe. Uiteindelik lê die oplossing vir hierdie krisis nie in die hande van enige van hierdie twee groepe nie, maar in die hande van albei. Soos met Mandela en De Klerk.

► *Prof Louis Jonker is 'n uitgelese professor in Ou Testament aan die Fakulteit Teologie by die Universiteit Stellenbosch.*

## Só reageer lesers aanlyn op hierdie rubriek:

**Bertus de Villiers skryf:** Christene mag seker vra wat moet 'n mens doen as meer as 2 000 bomme (via vuurpyle) op huis en hard gegooi word. In SA het ons mure, palisades en sekuriteitsmaatskappye. Dit werk nog, soort van. In Israel kom die bombardement uit die lug uit. 10/10 vir die Iron Dome teenvoetstelsel. Christene moet inderdaad vra wie is die aggressor. Word geregtigheid gedien om net 2 000 bomme te aanvaar

as liefde van die “ander kant”?

**Nico Vorster skryf:** Hamas en ander Islamitiese organisasies in Gasa se doelwit is om Jode uit te wis en die hele Palestina onder streng Islamitiese beheer te plaas. Daarom teiken hulle burgerlikes. Lees Hamas se *charter*.

**Gerhard Potgieter skryf:** Hamas is nie verteenwoordigend van alle Palestyne nie. (Verkort – Red).

## Dirkie van der Spuy OP DIE KERKSTOEP



# Waarvoor sal mense jou onthou?

Ons leef in 'n tyd waar ons telkens met die dood gekonfronteer word, of dit nou deur begraving, die nuus of gesprekke oor Covid-19 is. Dit laat 'n mens onwillekeurig dink aan wat mense op jou begraving en in gesprekke oor jou sou sê as jy te sterwe sou kom. Hoe sou jy die sinvolste jou lewe kon inrig en besig wees met dit wat blywende waarde het? Waarvoor wil jy hê moet mense jou eendag onthou?

### Nobelprys vir vrede

Alfred Nobel het een oggend sy koe-rant oopgemaak en toe sy eie doodsbereg gelees. Die joernalis het egter die verkeerde persoon beet gehad in die artikel en was onder die indruk dat dit Nobel self is wat gesterf het. Die artikel het gehandel oor waarvoor hulle nou vir Alfred Nobel, wat volgens hulle oorlede is, sal onthou. Die berig het verduidelik dat hy onthou sal word vir die ontdekking van dinamiet en het verder vertel watter verskil dinamiet in hierdie wêreld gebring het en dat dit reeds duisende mense se lewe gekos het.

Alfred Nobel was geskok oor hierdie berig en het besef dat dit waarvoor mense hom sal onthou, nie is waarvoor hy onthou wil word nie. Daarom het hy die Nobelprys vir vrede ingestel en gesê dat as hy eendag nie meer daar is nie, hulle hom eerder moet onthou vir hierdie prys waarvoor hy geld gegee het. Hy wou onthou word vir iets beters as dit wat dood gebring het. Hy wou onthou word vir iets wat lewe aangemoedig het en vir mense iets positief beteken het.

### Wat kenmerk jou lewe?

Dit is interessant as 'n mens 'n eerlike opinie van mense naby jou kon kry, om dan te hoor hoe hulle jou sal onthou. Party mense sal onthou word as 'n harde werker wat dag en nag toegewyd in hulle werk besig was. Miskien word jy onthou as 'n goeie en 'n geliefde en selfs 'n gewilde dominee wat getrou huisbesoek gedoen het en mooi kon preek. Ander sal onthou word vir hulle geld en hulle rykdom en vir die status wat hulle gehad het tussen mense. Ander weer sal onthou word as 'n slim mens wat baie prestasies behaal het en medaljes gewen het. Iemand anders sal onthou word as 'n drinker en iemand wat goed partytjie kon hou. Miskien word iemand onthou as 'n klakous of 'n korrelkop. Mis-

kien sal iemand altyd onthou word vir sy humeur of sy swak plek vir vroue. Miskien sal iemand onthou word as 'n goeie ouer wat hulle lewe opgeoffer het vir hulle kinders en 'n voorbeeld was vir hulle.

### Die getuie van Bybelse karakters

As ons deur die Bybel blaai, kom daar telkens by ons 'n beeld op van elke karakter van wie ons lees.

- As ons byvoorbeeld dink aan **Judas** dink ons dadelik aan sy materialisme en sy bereidheid om Jesus vir 30 silwerstukke se omkoopgeld te verkoop en te verraai.
- As ons dink aan **Petrus** herinner ons ons dikwels eerstens aan hoe hy vol van homself gesê het hoe hy Jesus getrou sal volg en nooit verloën nie, maar hoe hy kort daarna drie maal ontken het dat hy aan Jesus behoort.
- As ons dink aan **Paulus** onthou ons hom as die man wat bereid was om sy lewe af te lê vir die uitdra van die evangelie. 'n Man gedring deur die liefde van Christus en bereid om die hele wêreld deur te reis om vir mense van die verlossing in Christus te vertel.
- Ons lees van 'n **vrou** van wie die Bybel sê dat sy oral in die wêreld onthou sal word vir haar liefde wat sy geopenbaar het toe sy haar kosbare albastefles met reukolie oor Jesus se kop uitgegiet het (Matt 26:13).
- **Ananias en Saffira** sal altyd onthou word vir die leuen wat hulle vertel het en die doodstraf wat oor hulle gekom het (Hand 5:1-11).
- Die Bybel leer dat in Jesus se tyd **Tabita** oral geken was as 'n vrou wat goed gedoen het en armes gehelp het (Hand 9:36).

### Wat kenmerk jou lewe?

Het jy al vir jouself uitgemaak waarvoor jy wil hê mense jou moet onthou? Wat is jou lewe se prioriteite en waarvoor sal jy alles opoffer? Het jy duidelikheid oor wat God se doel vir jou lewe is? Mag ons eendag met vrede voor God se troon staan om rekenskap te gee oor wat ons met ons lewe hier op aarde gemaak het. Mag ons dan hoor dat die Here vir elkeen van ons sê: “Mooi so, goeie en getroue dienskneg! Jy het gedoen wat Ek wou gehad het jy moes doen.”

► *Ds Dirkie van der Spuy is 'n vorige assessor van die Algemene Sinode.*

Ons hoor graag van jou. Besoek [www.kerkbode.co.za](http://www.kerkbode.co.za) en klik op die Briewe-skakel in die navigasiekolom en volg die eenvoudige aanwysings om 'n brief vir publikasie via ons nuwe aanlyninvulvorm te stuur. Helder en bondige briewe geniet voorkeur by publikasie.

## Gesindheid van diegene wat van mekaar verskil

**Hannes Steyn van NGK Parys skryf:**

Dis was nou vir my 'n skitterende skrywe hierdie: *Dán word debat eerder dialoog.*

Ek verwys na Frederick Marais oor dialoog tussen kinders van die Here wat van mekaar verskil. Elke predikant

behoort daardie stukkie op te som en uit sy kop te leer. Ook opsomming in die gemeentebled te sit.

Sal dit nie wonderlik wees as hierdie gesindheid in ons lewe kan oorneem nie?

Maar ons kan dit nie in eie krag regkry nie. Daarom het Christus mos

opgestaan en in ons hart kom leef deur die Gees. Slegs Hy kan dit doen – elke keer! Dit vra net oorgawe aan Hom wat binne-in ons bly. Hierdie gesindheid van oorgawe, het juis Andrew Murray baie oor geskryf.

Dit is die gesindheid van Christus Self wat dan oorneem: Hy gee my sy

gesindheid om eers self met die persoon te praat, koffie te drink, te kuier indien moontlik (Matt 18:15 vv).

Per slot van sake, Christus bly ook in die een met wie ek verskil.

Wat ek opsom: Voor ek skryf, gee ek myself oor aan Christus, sodat ek met sy gesindheid sal dink en skryf.

## KONTAK ONS

### Teken in op Kerkbode

Viona Ross  
Tel 021 864 8278. E-pos: [viona@tydskrifte.co.za](mailto:viona@tydskrifte.co.za)

### Redaksie:

Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na [kerkbode@tydskrifte.co.za](mailto:kerkbode@tydskrifte.co.za)

### Redakteur: Le Roux Schoeman

E-pos: [leroux@kerkbode.co.za](mailto:leroux@kerkbode.co.za)

### Ontwerper: Mario Small

E-pos: [mario@kerkbode.co.za](mailto:mario@kerkbode.co.za)

### Proefleser: Lambert Jacobs

### Advertensies en vakatures:

Hanlie Raath  
Sel 072 357 8914  
E-pos: [woes@mwweb.co.za](mailto:woes@mwweb.co.za)

### Kleinadvertensies en amptelike nuus:

Lida Viljoen  
E-pos: [lida@tydskrifte.co.za](mailto:lida@tydskrifte.co.za)  
Tel (Halfdag): 021 864 8202

### Bemaking:

Amanda van der Westhuizen, tel 021 864 8231

## Lesers lewer kommentaar via [www.kerkbode.co.za](http://www.kerkbode.co.za)

**Johannes Richter skryf:**

*'Waarheen is die NG Kerk op pad met die sogenaamde "GENDERgeregtigheid"?' vra Henrietta Klaasing.*

Soos die woord aandui: op pad na groter "geregtigheid". Wie weet, dalk beweeg ons selfs nader aan die huidige stand van GESLAGSgeregtigheid (en daar is nog werk te doen). Die sogenaamde "onbybelse" feminisme het immers die radikale idee voorgedra dat vroue volwaardige en volledige mense in eie reg is. Sou Henrietta die guns van geregtigheid met een hand aanvaar en met die ander hand van ander ontnem? Geregtigheid is nie 'n emmertjie wat kort voor jou eie voete leegspoel nie.

Amos 5:24 sê: "Maar laat die reg en die geregtigheid te voorskyn kom, laat dit aanrol soos watergolwe, soos 'n standhoudende stroom."

**Gabriel Malan skryf:**

As daar 'n wanvoorstelling van die



man en vaderfiguur is, gaan dit gewoonlik lei na 'n reaksie daarteen. Die liefdevolle Geesvervulde man en vader bedreig niemand nie. Ek glo dat ons daarteen moet waak dat ons bloot in reaksie teen wanvoorstellings ons Bybel wil lees en ons teologie beoefen. Ons gaan begin skuif aan dinge wat nie behoort te skuif nie. Daar is perspektiewe wat aan ons gegee word van Bo en ons moet eerder ons sondes en wanvoorstellings laat skuif na God se perspektiewe.

Dit sal help om die sonde te belig en deur belydenis en onderdanig-

heid aan die Heilige Gees sal ons beskouing en optrede in lyn kom met God se wil. Ware herstel kom van binne. Om strukture te wil verander en die Woord aan te pas met manipulasies, skuif ons net weer die meubels rond en kan God ons nie van binne vernuwe en herstel nie.

**Robert L Barrie skryf:**

Terwyl ander help in die land praat die NG Kerk die heeltyd. Irrelevant in vandag se wêreld en mense raak moeg om dit te hoor en daarna te luister. Party dink dat hulle praterij belangriker is as die Woord.

**Die volgende Kerkbode verskyn op 18 Junie 2021.**



nbi nehemiah bible institute

## Nehemiah Bible Institute

EMPOWERING CHURCH LEADERS FOR MINISTRY THROUGH DISTANCE LEARNING

Practical  
Affordable  
Africa focused  
Accredited

Please SMS or WhatsApp on 062 887 4047

[nbi@bmedia.co.za](mailto:nbi@bmedia.co.za)

021 864 8258

[www.nehemiah.co.za](http://www.nehemiah.co.za)





Met die oog op Jeugdag op 16 Junie, asook die Biddag vir Jeug en Kategese op 14 Junie, kyk *Kerkbode* in hierdie uitgawe na 'n paar kinderboeke. Deur **Rethie van Niekerk**

## Leer meer oor ekologie én die manier waarop ons ander behandel

*Jy kan die wêreld verander* deur Lucy Bell. Vertaal deur Fanie Viljoen  
Uitgewer: Human & Rousseau, 2021

**H**et jy geweet dat daar meer plastiekflaminke as regte flaminke in die wêreld is?

Sondag 6 Junie is Biddag vir Ekologie en *Jy kan die wêreld verander* is die ideale hulpmiddel om kinders en volwassenes toe te rus om 'n ekologies verantwoordelike lewe te lei. Dit verduidelik die ekologiese problematiek waarmee ons sit en gee raad oor wat elke kind kan doen om 'n verskil te maak.

Daar is idees, resepte en selfs 'n voorstel oor hoe 'n mens vuilgoed sakke van koerantpapier kan maak! Verskillende afdelings soos plastiek, klere, rommel, voedsel, tuinmaak, energie, ensovoorts word bespreek. 'n Hele afdeling vertel hoe om skoenlappers na jou tuin te lok. Het jy byvoorbeeld geweet dat daar wêreldwyd ongeveer 20 000 skoenlap-

perspesies is, waarvan 671 in Suid-Afrika voorkom? Of dat ruspes vol femies is oor kos?

Die inligting en raad is deurgaans eenvoudig, verstaanbaar en doenbaar. Op die koop toe word dit aangebied op 'n interessante manier wat kinders bemaagtig sal laat voel. Ek het byvoorbeeld geleer dat water in die vroeë 1800's vir die eerste keer kommersieel gebottel is in Suid-Afrika. Ek het ook die onderskeid tussen skrop- of werfeiers ("free-range eggs") en weikampeiers ("pasture-raised eggs") geleer.

Bell fokus nie net op ekologie nie. Ons maak ook 'n verskil in die manier waarop ons ander mense behandel. So is daar 'n hele lys van idees oor hoe om gaaf te wees, asook 'n afdeling oor vergifnis.

Viljoen se vertaling is keurig en gemaklik. Waar vertaalde werke dikwels lomp lees, voel dit hier glad nie asof 'n mens 'n vertaling lees nie.

## 'n Tone-krul-van-die-lekker boek

*It will be ok* deur Lisa Katzenberger, illustrasies deur Jaclyn Sinquett  
Uitgewer: Sourcebook Explore, 2021

**S**oos sy gewoonte is, kom haal Sebra een middag vir Kameelperd. Dié middag is egter anders ... Kameelperd sit angsbevange bo in 'n boom.

In hierdie kort boekie sien ons hoe Sebra vir Kameelperd probeer ondersteun en op die ou end op die mees kosbare manier bystaan. In die paar

bladsye leer kinders dan ook so ongemerk van vrees en empatie.

Die heel laaste bladsy gesels met kinders oor bekommernis en wat hulle kan doen wanneer hulle angstig voel. Dit praat ook oor empatie en hoe 'n mens 'n bekommerde vriend kan bystaan.

Katzenberger se pragtige verhaaltjie word gerugsteun deur Sinquett se lieflike illustrasies. 'n Mens verkneukel jou in elke bladsy se kleurvolle, emosiebelaaide, vermaaklike prente.

'n Tone-krul-van-die-lekker boek.

## Kinders se dinge: van prettig laf tot roerende vertellings

*Vat 5!* 'n Versameling prentboeke met stories deur Leon de Villiers, Jaco Jacobs, Wendy Maartens, Theresa van Baalen, Marita van der Vyver en illustrasies deur Alida Bothma, Zinelda McDonald, Alzette Prins, Maja Sereda en Chris Visser  
Uitgewer: Lapa Uitgewers, 2021

**M**et radikaal verskillende illustrasiestyle, wissel die stories in hierdie versameling van prettig laf tot roerende vertellings van kinders se worstelinge. So vorm dit 'n goeie balans wat daarin slaag om nie prekerig te wees nie.

Jacobs en Sereda se *Haasmoles* is vrolik en snaaks. De Villiers en Prins vertel hoe almal aan *Parmant* die krokodil wil vat – van drukkies tot kielie tot knibbel. Maar Parmant ant-

woord telkens kordaat: "Dit is my lyfie en ek sê: nee, nee, nee!" Van der Vyver en McDonald se *Die coolste ouma op aarde* herinner ons dat nie alle oumas lyk soos die tradisionele storieboekouma nie – party is dokters, ander dra swart en rock. In prettige rym vertel Van Baalen en Venter van *Karla Krullebol* wat besluit om nooit haar hare te was of te kam nie. Jy sal nie glo wie daarin kom woon nie! Maartens en Bothma stel ons voor aan *Prinses Mossienes*, wie se pappa en mamma so baklei dat haar pappa uiteindelik weggaan en nie meer by hulle woon nie.

Alles in een handige boek wat kinders sal geniet.

► *Ds Rethie van Niekerk is predikant van Blouwaterbaai Familiekkerk in Gqeberha.*

## Ideale hulpmiddel vir Bybel-lees-tyd saam met kinders

*Briewe van Mieliepit* deur Fanie Viljoen, illustrasies deur Megan Bird  
Uitgewer: LUCA, 2021

**M**ieliepit is 'n troetelhoender wat saam met 'n familie in Bloemfontein woon. In hierdie boek skryf sy briewe waarin sy stories vertel van hulle lewe saam. Sy skinder nie, sy vertel.


In die prosas van stories vertel kom sake soos oneerlikheid, vrees, kla, ensovoorts ter sprake. Mieliepit het oor alles 'n eiertjie te lê. Na elke storie is daar 'n voorstel vir 'n Bybelgedeelte wat saam gelees kan word, met 'n toepassing vir nadenke, iets om te doen en 'n gebed.

Viljoen (of is dit Mieliepit?) se pittige taalgebruik en kreatiewe oorvertelstyl, maak hierdie 'n heerlike boek vir ouers om aan hulle kinders voor te lees. Die idiomatiese taalgebruik soebat om

dramaties voorgelees te word. Daai slag wat Mieliepit byvoorbeeld per ongeluk by 'n venster uit gevlieg en bo in 'n palmboom geland het, sal almal laat kerkel van die lekkerkry – en hulle herinner aan die Skaapwagter wat ook vir ons kom soek.

*Briewe van Mieliepit* is die ideale hulpmiddel vir Bybel-lees-tyd saam met kinders. Die stories integreer goed met die Bybelverhale en kinders kan hulle heerlik daarin inleef. Persoonlik sou ek 'n sterker fokus op God se handeling wou sien, eerder as die fokus op menslike ervaring en moraliteit, maar dit sal geensins afbreuk doen aan die plesier wat kinders uit hierdie verhale sal put nie.

Ek het met die lees hiervan onmiddellik besluit om vir geliefdes se kinders kopieë van die boek te koop. Ek skat dit sê alles wat jy hoef te weet!



Anandie Greyling en Marileen Steyn kyk na die nuutste navorsing in teologie en vra: so what? Kontak Anandie by [anandiegreyling@gmail.com](mailto:anandiegreyling@gmail.com) en Marileen by [marileen.steyn@gmail.com](mailto:marileen.steyn@gmail.com)



Anandie gesels met **CHARLES LE ROUX**

## Die verrassende perspektiewe as jou be

**Dit was vir hom verstommend dat mense beginsels glo en toepas as hulle dit in die besigheidskool leer, maar nie noodwendig probeer toepas omdat 'n mens dit by die kerk of vanuit die Bybel leer nie, vertel Charles le Roux aan Anandie Greyling.**

Proponent Charles le Roux se beroepspad bestaan uit twee bane: teologie en besigheid. Hy is 'n kommersiële bestuurder van Farmwise Marketing. Hy is wel lank voor dit al 'n gelegitimeerde van die NG Kerk. Le Roux se pad na die besigheidswêreld was wel 'n unieke roete. Hy ontvang beide sy teologiese grade aan die Universiteit van die Vrystaat terwyl hy ook aan 'n sportloopbaan, spesifiek in atletiek, bou. Dit is ook hierdie sport wat Le

Roux laat verhuis na Pretoria en ook 'n invloed gehad het op sy MDiv-navorsing in narratiewe beginsels in die Nywerheidsbediening, naamlik *Die fasilitering van 'n deelnemende pastorale gesprek as deel van die onderlinge versorging van gelowiges*.

Tydens Le Roux se navorsing ontdek hy ook dat hy makliker met mense kon gesels as 'Charles die atleet' teenoor wanneer hulle hom sien as die dominee. Le Roux dink terug aan goeie gesprekke wat hy en sy fisioterapeut gevoer het. Dit was niks anders as 'n narratiewe gesprek nie, meen Le Roux, maar hy onthou dat dit anders en minder 'ernstig' was as wanneer hy 'n predikant sou gaan sien het om daarvoor te praat. "Mense kry nie die geleentheid om proaktief gesprekke te voer nie," verduidelik Le Roux. Hy brei uit op hierdie

idee deur te sê dat dit veral mense soos jou haarkapper is met wie jy gemaklik gesels, omdat iets anders gebeur of omdat daar ander raakpunte is om in gesprek oor te tree.

Terwyl Le Roux by NG Elarduspark betrokke was na sy studies, betrek 'n maatskappy hom om by hulle te begin werk. Hierdie maatskappy se fokus was in die voedselbedryf. Hy besef hy het 'n aanvoeling vir besigheid en soos Le Roux dit verwoord "alles gaan oor mense en of jy probleme vir mense kan oplos of hulle mobiliseer".

"Hoe vereenselwig jy hierdie twee wêrelde?" vra *Kerkbode* hom. "As mense my by 'n braai vra wat ek doen, dan sê ek dat ek help om die nasie te voed." Le Roux beskryf sy beroep as iets heilig, juis omdat hulle vir mense kan sorg. Naweke is hy steeds betrokke by NG

Elarduspark se musiekbediening, kry soms geleentheid om te preek en hy is ook op die kerkraad. Sal jy ooit voltyds teruggaan na die bediening? "Ek sal altyd soek vir *best of both worlds*," antwoord Le Roux.

In 2017 verwerf Le Roux sy MBA-graad aan die Gordon Institute of Business Science (GIBS) wat aan die Universiteit van Pretoria verbonde is. Nes in sy MDiv-navorsing soek Le Roux na die alternatiewe oplossings of storie. In hierdie navorsing fokus hy op die alternatief vir die voedselketting van vars produkte. Tydens sy MBA-studies was hy ook aangenaam verras oor hoe baie daar op leierskap en gemeenskapsbou gefokus is. 'n Mens sou kon wonder of teologiese opleiding nie ook meer kon bied ten opsigte van gemeenskapsbou, leierskapsontwikkeling en die mobili-



Marileen gesels met **HANNO ACKERMAN**

## 'n MBA is nie vir almal nie, maar bestuurs

**Die kerk is nie nét 'n geestelike instansie nie, herinner ds Hanno Ackerman Marileen Steyn in hulle onderhoud oor sy MBA-graad.**

Die kerk, wat dikwels net as 'n geestelike instansie gesien en bestuur word, is ook op die ou end 'n besigheid. "Ons mis hierdie punt," verduidelik Ackerman. "Die kerk is 'n organisasie soos enige ander met sisteme, kommissies en begrotings." Met 'n natuurlike belangstelling in die besigheidswêreld, en vanuit die diep oortuiging dat dit hom sal help om 'n beter predikant te wees, het Ackerman onlangs sy MBA-graad voltooi.

Predikante, sê hy, moet dikwels help om nie-regeringsorganisasies (NRO's) te begin of op die bestuur van NRO's

dien. Die slegte ding vir Ackerman is dat predikante in topbestuur instap met opleiding wat hulle voorberei het om geestelike leiers te wees en hulle nie noodwendig vir die bestuurselement van die beroep toegerus het nie.

Buiten vir predikante se betrokkenheid by NRO's, moet daar onthou word dat die kerk in dieselfde sektor in die besigheidswêreld as nieregeringsorganisasies (NRO) en nieregeringsorganisasies (NWO) val. Tog verskil die praktyke soms radikaal. Terwyl NRO's en NWO's weet dat hulle voortbestaan van basiese besigheidspraktyke soos bemarking en verantwoordbaarheid afhang, blyk dit of die NG Kerk nie hierdie praktyke na waarde ag of implementeer nie.

Die NG Kerk blyk sku te wees vir die korporatiewe en organisatoriese ele-

ment in 'n poging om te verhoed dat die kerk 'n markplein word waarvan die tafels omgegooi kan word. Tog kan hierdie elemente die kerk juis help om die kerk meer verantwoordbaar te bestuur.

As deel van sy graad het Ackerman navorsing voltooi met die titel: "Corporate social responsibility: Social and environmental accounting of faith based organisations." In hierdie navorsing het hy gekyk na die manier waarop kerke meer verantwoording kan doen vir hulle impak op die samelewing en omgewing. Ackerman bevestig dat die NG Kerk verantwoordelik is, dat die sinode die gemeentes tog verantwoordbaar hou. Nietemin vra hy beter strukture wat die bestuur van hulpbronne in die gemeente meer formeel in verslae (eerder as in 'n kerkblaadje of afkon-

diging) aan gemeentede en belanghebbendes kommunikeer. Die basiese vraag van Ackerman se navorsing, en die vraag wat hy ook aan gemeentes wil vra, is: "Hoe help ons mense om te sien wat doen ons met hulle geld?"

Vir Ackerman kom dit daarop neer dat die kerk meer slim, strategiese bestuur benodig – veral in 'n Covid-tyd waar so baie van die praktyke uitgedaag word en gemeentes sisteme in plek moet sit om personeel verantwoordbaar te hou en om 'n aanlyn strategie en handelsmerk te vestig.

Is hierdie klem op besigheidsbestuur binne die kerk nie meer gepas vir makro-gemeentes eerder as plattelandse gemeentes nie? Volgens Ackerman is die belang van bestuurskennis en -vaardighede van die predikant juis soveel

Hierdie skrywes word aangebied in samewerking met en met ondersteuning van die Taakspan vir Teologiese Navorsing (Wes-Kaap).

## roepspad in twee bane loop

sering van mense nie.

Iets anders wat Le Roux gefassineer het tydens dié studie is dat 'n hele paar besigheidsbeginsels eintlik as Bybelse beginsels beskou kan word. Dit was vir hom verstommend dat mense beginsels glo en toepas as hulle dit in die besigheidskool leer, maar nie noodwendig probeer toepas omdat 'n mens dit by die kerk of vanuit die Bybel leer nie. Le Roux dink dadelik aan die voorbeeld van 'n dienende leierskapsmodel, of te wel *servant leadership*, wat mense in die besigheidswêreld probeer nastreef omdat goeie navorsing en joernale dit gepubliseer het. Tog is dit presies dieselfde leierskap wat ons by Jesus leer, meen Le Roux.

As iemand wat teologiese grade en 'n meestersgraad in besigheidsadministrasie het, is Le Roux 'n unieke persoon om

op 'n kerkraad te hê. Hy dien al die afgelope vyf jaar op NG Elarduspark se kerkraad en erken dat hy nog baie moet leer oor die rol van die kerkraad en hoe om 'n sinvolle verskil te maak. Hy beskou strategiese vrae as belangrik, soos byvoorbeeld wie kies 'n mens as kerkraadslede; hoe ontwikkel ons leiers wat tyd het om aktief betrokke te wees en wat is 'n goeie strategie vir 'n kerk. Hy wonder ook wat sou gebeur as 'n mens die 'besigheidsmodel' van die kerk op haar kop draai, sodat predikante inhoud kan ontwikkel wat ander gemeentes ook op 'n ekonomies bekostigbare wyse kan bekom.

“Hoe dien die kerk die gemeenskap?” vra Le Roux. Dit is meer as net wat op 'n Sondag in die erediens gebeur. Hy beklemtoon dat mense onder baie druk is deur die week en vra daarom vanuit

hierdie perspektief hoe die kerk die gemeenskap sinvol kan dien. Le Roux gebruik dieselfde taal as hy verwys na die bestaansdoel van 'n besigheid: “Dit gaan nie net daarvoor om geld te maak nie.” Nee, 'n goeie besigheid wil 'n probleem oplos en die gemeenskap dien om 'n verskil te maak.

**Kortom:** Proponent Charles le Roux is kommersiële bestuurder by Farmwise Marketing. Hierdie maatskappy help om die land se winkelrakke vol te hou met die beste varsprodukte van die beste boere af.

► Ds Anandie Greyling is jeugwerker by Pierre van Ryneveld Geloofs familie.



Prop Charles le Roux

## vaardighede is

meer belangrik op die platteland, waar daar van die predikant verwag word om die gemeente op verskillende vlakke te bestuur.

“Wat van dominees soos ek?” vra ek. “Dominees wat van nature nie na die kerk as 'n besigheid kyk nie en wat geneig is om meer pastoraal na die bestuur van die kerk te kyk.” Ackerman bevestig die belang van balans op die kerkraad. Vir 'n goed funksionerende, gebalanseerde kerkraad, benodig 'n mens mense wat uit verskillende hoeke kyk – en dit sluit die besigheidsperspektief, sowel as die humanitêre perspektief in. Hierdie perspektiewe word genooi om die middelgrond te soek en so die belange van die gemeente te bevorder. Ackerman verwys na sistematiese denke wat poog om sisteme te help om

hulleself te help en wat vra dat al die stemme na die tafel kom. Dit is juis om hierdie rede dat Ackerman meen dat al die predikante van 'n gemeente op die bestuursraad behoort te sit. Een van die gevare in bestuursliggame, vertel Ackerman, is die sogenaamde 'echo-chamber'. Dit is wanneer 'n bestuursliggaam slegs uit mense bestaan wat soortgelyk aan mekaar dink en doen. “Ons kort juis diverse stemme en 'n verspreiding tussen mense wat die harde lyn en die sagte benadering inneem.”

Ackerman erken dadelik dat 'n MBA-graad nie vir almal is nie – en dat dit okay is. Tog plaas hy klem op die feit dat die besigheidsleke onder ons steeds moeite moet doen om basiese besigheidsbeginsels te verstaan en toe te pas. Dit begin, na sy mening, by die teolo-

giese opleiding van predikante. Ackerman meen dat die teologiese fakulteite meer moeite moet doen om vir teologiestudente die besigheidsaspek van die kerk te leer navigeer. Verder beveel hy predikante aan om lidmate wat wel hierdie wêreld ken en verstaan, te betrek en na hulle te luister. Dit is juis Ackerman se hoop: vir predikante om hulleself te onderlê in die wysheid wat die besigheidswêreld kan bied. “'n MBA is dalk nie vir almal nie, maar om kennis op te bou is nie moeilik nie.”

● Ds Hanno Ackerman het sy MBA-graad aan die Stellenbosse Besigheidskool in Maart 2021 verwerf. Hy is aangestel as predikant by NG Stellenberg, Durbanville.

► Ds Marileen Steyn is jeugleerter by NG Saldanha.



Ds Hanno Ackerman

# Ryke herinnering leef in skrywer wat bly soek

Jaap Durand gaan sit aan die hoof van die etenstafel en neem sy vrou, Sonja, se hand. Sy neem op haar beurt die hand van Glenda Reynecke, 'n verpleër wat gemaklik inskakel by die Durand-egpaar se daaglikse roetine hier in die La Clémence-aftreeoord buite Stellenbosch. Dan vra die 86-jarige teoloog die seën en middagete begin. Lasagne en 'n slaai, met 'n pizza wat bygelas word vir die gas wat hier is om 'n uitgewerspakkie vanaf Bybel-Media vir Durand af te lewer: 'n stel eksemplare van sy opvolgboek oor vrouemartelaars.

Oorkant Durand op die etenstafel is twee legkaarte besig om stuk-stuk prentjies te word. Dis Glenda se tydverdryf so tussendeur haar versorgingswerk. In die motorhuis staan 'n diepgroen gholfkaretjie waarmee Durand rondbeweeg op die landgoed sedert hy ophou motor bestuur het. Teen die stoepmuur is 'n tennisklubfoto wat die storie van 'n kranige sportman vertel. Op 80 het Durand maar begin dubbels speel om minder rondgejaag te word, skerts hy.

Maar dis in die studeerkamer, om die draai op 'n geelhouttafeltjie, waar die oningelyfde 'n rits leidrade sal vind oor hoe hierdie oud-prof se loopbaan verloop het. Die skootrekenaar staan oopgeslaan, gereed. Regs daarvan strek 'n boekrak en teen die mure pryk pryse, toekennings, penninge en 'n afdruk van 'n profiel wat die joernalis Murray la Vita in November 2019 oor Durand geskryf het.

In sy onderhoud met La Vita praat Durand oor sy gevoel nadat sy ampsbevoegdheid as leraar in die NG Kerk die vorige week herstel is, nadat Durand in 1982 weens sy kritiek op apartheid uit die amp van predikant ontslaan is. Dieselfde refrein hoor 'n mens vandag waar hy ná ete in die herfsson sit en gesels. Hy is nie verbitterd nie. "Ek was 'n bietjie dwars gewees. Kom ons sê dit maar in eenvoudige taal. Ek het nie heeltemal ingeval by die patroon nie," vertel Durand.

Prof Nico Koopman, teoloog en viserektor aan die Universiteit Stellenbosch, het ná die bevoegdheidsverklaring in 'n rubriek op Netwerk24 geskryf: "Oom Jaap het die NG Kerk se teologiese ondersteuning van apartheid op gesonde teologiese grondslag teengestaan. Hy het in die kommissie gedien wat in 1982 die Belydenis van Belhar opgestel het. Hy het gevra dat daar nie nuwe formulerings uitgedink moet word nie; die kommissie moet gewoon dít op skrif stel wat die destydse NG Sendingkerk se mense reeds glo."

As 'n mens Durand vra hoe hy deesdae voel oor die politieke stryd wat hy in sy lewe gestry het, antwoord hy: "Dit is 'n stryd wat verby is. Dis herinneringe wat by my leef."

"In 'n samelewing gelaai met spanning en konflik, was sy insette nie primêr polities gemotiveerd nie, maar teologies van aard," lui 'n inskrywing oor hom in die elektroniese *Christelike Kernensiklopedie*.


Die bekroonde skrywer van boeke soos *In awesome wonder – Faith and doubt: A continual dynamic tension* bestudeer met sy nuwe skryfwerk vroue wat vir hulle geloof in Christus gesterf het. Die jongste boek oor die sogenaamde "bloedbruide van Christus", wat hy saam met Verena Schoeman skryf, lewer 'n belangrike bydrae tot die gesprek oor die mishandeling van vroue deur magsisteme, dikwels in die naam van geloof, luidens 'n verklaring deur Bybel-Media, wat ook *Kerkbode* se uitgewer is.

En steeds lees, dink en skryf Durand voort.

In reaksie op die onlangse verskyning van Ben du Toit se boek *God – Is daar 'n ander antwoord? 'n Bevrydende reis*, het Durand op soek gegaan na "ligpunte" in Du Toit se opspraakwekkende boek. "In my soeke het daar in my gemoed 'n baie ou gereformeerde stelling opgekom wat ek van kindsbeen af geleer het: Eenmaal 'n kind van God, altyd 'n kind van God!" skryf Durand in 'n uittreksel van 'n skrywe wat *Kerkbode* hiernaas publiseer.

• Hiernaas publiseer *Kerkbode* 'n baie verkorte weergawe van 'n uitgebreide dokument waarin prof Jaap Durand sy argumente in groter besonderhede uitbou. Indien jy sou belangstel om sy boek te koop, kan jy Hester Fourie per e-pos kontak by [hester@bmedia.co.za](mailto:hester@bmedia.co.za). – Red.

Foto en teks: Le Roux Schoeman



# Oor Godsontkenning en geloofsbeslissing

Dis nie 'n nuwe debat nie, maar 'n relatiewe nuutjie in die Suid-Afrikaanse teologiese geskiedenis, skryf Jaap Durand oor Godsontkenning.

As daar enige moontlikheid is om Ben du Toit se boek *God – Is daar 'n ander antwoord?* in twee paragrawe saam te vat, is dit hierdie twee, wat die leser op bladsy 148 aantref:

- Vandag word die gesag (en die mag) asook die noodsaak van God of van die kerk (godsdienst), veral in die Weste, toenemend deur die ontwikkelende moderne wetenskap uitgedaag – en die gevolgtrekking word gemaak dat die mens oer as God is. In hierdie sin is daar niks “in die hemel” wat nie op aarde gemaak is nie.
- Dat die greep van godsdienst op miljoene mense sal voortduur (vrees vir die dood/straf/lyding; soeke na sin – psigies gekondisioneerde toestande), is wetenskaplik verklaarbaar.

Meer blatant kon dit nie gestel word nie, in 'n taal wat menige Godsontkenner Du Toit sal beny! Die kruheid van Du Toit se Godsontkenning is inderdaad verstommend.

Die sewe punte wat tot hierdie slotuitspraak van Du Toit gelei het, kan gelees word in die hoofstuk met die titel “Tog verdwyn godsdienst nie” (2021:121-148). Dit kan soos volg opgesom word:

1. Een van die sterkste argumente wat tot die opbloei van godsdienste gelei het, is histories, naamlik die enorme leemte wat in die Weste gevul is sedert Friedrich Nietzsche se verklaring dat God dood is. Hierdie kerninsig is: “... there is nothing beyond reality, beyond life itself, nothing ‘above’; there is no transcendence, nothing metaphysical.”

In hierdie gedeelte gaan dit om die *tolle Mensch* (die dorpsgek) wat op soek gaan na God. As gevolg van die gespot en gelag van die mense antwoord hy dat hulle almal vir God doodgemaak het. Die uiteindelijke gevolgtrekking is dat kerke niks anders is nie as graftombes van en monumente vir God.

Na aanleiding van hierdie Nietzsche-verhaal wys Du Toit daarop dat hy reeds in 'n vorige boek, *Geloof in 'n postmoderne tyd*, geskryf het oor die

volslae ontugtering met die idee van die God van liefde en oor die neiging om God vir die eie kant op te eis teenoor die ander.

Du Toit se gevolgtrekking is dat daar nie alleen filosofies-intellektuele redes vir die verwerping van geloof in God is nie, maar inderdaad ook 'n histories-psigologiese rede vir die opbloei van godsdienste sedert die 1950's.

Dan haal Du Toit, blykbaar instemmend, die historikus Yuval Noah Harari aan wat onder meer beweer: “... God seems to be making a comeback. But this is a mirage. God is dead – it just takes time to get rid of the body” (Du Toit, 2021:128).

2. Daar is sosiologiese sowel as ekonomiese redes vir die groei van godsdienste. Hiervan is 'n ene Peter Watson blykbaar Du Toit se vernaamste getuie. Die ontleding van inligting toon aan dat die mate waarin mense godsdienst en godsdienstige gedrag belangrik ag met groot akkuraatheid bepaal kan word deur te kyk na die graad van ekonomiese ontwikkeling van 'n bepaalde gemeenskap.

Hieruit kan die logiese gevolgtrekking gemaak word dat bestaansektheid die belangrikheid van godsdienstige waardes verminder. 'n Verband tussen armoede en godsdienst is ook statisties aantoonbaar.

3. Du Toit beweeg onder hierdie punt na 'n welvaartsteologie as 'n kru uitbuiting van mense en hulle psigologiese behoeftes. Die psigologiese faktore wat lei na 'n soort welvaartsgevoel word binne bepaalde geloofsgemeenskappe verstaan as die ingryping van 'n goddelike wese en die wonderwerking van transendente magte.

Die rede hoekom godsdienst nie verdwyn nie, is dus logies en voorspelbaar. Dit het te doen met die manier waarop die brein vanaf geboorte funksioneer.

4. Daar is 'n psigologiese rede vir die voortbestaan van godsdienst. Hier het ons te doen met die geweldige krag van die onderbewuste van die mens, die plek waar elkeen sy of haar “innerlike God” ontdek. Dit is in “jong kinderbreine” dat konsepte oor God en die godsdienst reeds aanwesig is en maak dat mense individuele spiritualiteite ontwikkel.

5. Daar is 'n sug na eenvoud. Hierdie soeke na eenvoudige antwoorde is tevergeefs as daar werklik 'n begeerte na

waarheid is. Die kompleksiteit van die lewe maak godsdienst 'n toevlugsoord. Dit is daarom 'n illusie dat godsdienst gaan verdwyn.

6. Die bestaan van 'n transendente, metafisiese wese is gegrond op die irrasionele aannames wat uit psigies gekondisioneerde denke voortkom. Daar is nie werklik 'n oortuigende rede vir die geloofwaardige begronding van 'n geloof in God of van die bestaan van 'n metafisiese mag nie. Vir gelowiges is 'n rasonele aanslag vanuit die wetenskap 'n lastigheid en 'n irritasie.

7. Mense vind dit moeilik om van die godsdienst afskeid te neem uit vrees om self verantwoordelikheid te aanvaar vir die lewe en vir die maak van keuses oor die lewe en die toekoms. Hierdie vrees om self verantwoordelikheid te aanvaar skep 'n sug na onderdanigheid aan 'n groter mag of entiteit.

Ek moet bekén dat alles in my in opstand gekom het teen die gedagte en die moontlikheid dat iemand wat eens die bestaan van God bely het later God se bestaan ontken.

Ek het daarom op soek gegaan na ligpunte in Ben du Toit se boek en na 'n aanduiding dat hy iewers dalk sal omdraai.

Is daar enige betekenis in die vraag en die vraagetekens in die subtitel van sy boek: *Is daar 'n ander antwoord?*

In my soeke na ligpunte het daar in my gemoed 'n baie ou gereformeerde stelling opgekom wat ek van kindsbeen af geleer het: Eenmaal 'n kind van God, altyd 'n kind van God!

Oudtydse gereformeerde teologie, of bloot 'n dwaling aan my kant? Durf ek in hierdie verband Shakespeare aanhaal: “He doth protest too much?”

Slegs Ben du Toit kan my hierop 'n antwoord gee.

Met hierdie vraag van my en die verwysing na Ben du Toit se sewe stellings en die polemieke wat onlangs rondom sy boek ontstaan het, wil ek aantoon dat die psalmis se verwysing na die dwaas wat die bestaan van God ontken, nie bloot 'n stelling is wat in die vergetelheid van die eeue gemaak is nie, maar vandag steeds gemaak word. Dit sal nooit sy belangrikheid verloor nie.

Wat het die dwase gemotiveer om hulleself wys te maak daar is geen God nie?

Hierdie woorde van Psalm 14:1, wat as psalm in sy geheel byna woordeliks met Psalm 53 ooreenstem, verklank iets van die psalmis se verontwaardiging oor die, inderdaad, dwaasheid van so 'n bewering: Daar is geen God nie!

Die Verklarende Bybel van 1983 wys daarop dat daar 'n opvallende verskil is tussen hierdie twee psalms ten opsigte van die twee Name wat na God verwys.

In Psalm 14 word die Verbondsnaam “Here” gebruik naas die algemene benaming “God”. In Psalm 53 word die Verbondsnaam “Here” vervang met die algemene benaming wat in Hebreeus ook “afgod” kan beteken. Die verklaarder van hierdie psalms, prof AH van Zyl, is van mening dat die verskil tussen die twee Hebreeuse tekste die gevolg is van die feit dat die oorspronklike versameling van die Psalms uit twee dele bestaan het. In die tweede deel, waaronder Psalm 53 val, kom die benaming “God” meer dikwels voor as in die eerste deel. Daarom word die Verbondsnaam “Here” vervang met die meer algemene Naam “God”, wat ook op 'n afgod kan dui.

Hierdie tekskritiese ontleding maak egter geen verskil aan wat hierdie psalms wil sê oor dié wat ontken daar is 'n God nie. Die ontkenning van die bestaan van God is inderdaad dwaasheid.

Dwaasheid! Hierdie term word dikwels in die Ou Testament gebruik. Enige konkordansie sal 'n lang lys tekste aanbied waarin hierdie woord gebruik word in sy algemene betekenis van “domheid”, “sonder verstand” of “gekheid”, volgens die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Selfs “belaglikheid” kan as 'n sinoniem gebruik word.

Dit kom dus as 'n groot verrassing wanneer die apostel Paulus die evangelie van die kruisdood van Christus as “dwaasheid” beskryf. Ons vind hierdie verwysing na die dwaasheid van die evangelie by uitstek in die eerste twee hoofstukke van sy eerste brief aan die gemeente in Korinte:

- “Die boodskap van die kruis is immers dwaasheid vir diegene wat verlore gaan, maar vir ons wat verlos word, is dit die krag van God” (1 Kor 1:18).
- “Trouens, deur die wysheid van

God het die wêreld Hom nie deur wysheid leer ken nie. God het verkies om hulle wat glo te verlos deur die dwaasheid van die verkondiging” (1 Kor 1:21).

- “Ons egter, verkondig ’n gekruisigde Christus. Vir die Jode ’n struikelblok en vir die nie-Jode ’n dwaasheid” (1 Kor 1:23).
- “Want die dwaasheid van God is wyser as dié van mense en die swaakheid van God is sterker as dié van mense” (1 Kor 1:25).
- “Maar ’n niegeestelike mens aanvaar nie wat van die Gees van God kom nie; vir hom is dit immers dwaasheid en hy kan dit nie begryp nie, omdat dit slegs geestelik beoordeel kan word” (1 Kor 2:14).

Paulus verkondig hier, teen die ergernis van die Jood en die skeptisisme van die Griek, dat die kruis en die graf, teen alle verwagting in, in die evangelie tuis-hoort (Noordmans, *Verzamelde Werken*, Kampen, 1980:302).

Ten spyte van die verband waarin Paulus oor die dwaasheid van God praat en die verband waarin hy hierdie uitspraak lewer, bly dit verstommend dat die apostel dit waag om te praat oor die dwaasheid van God in sulke uiters menslike terme.

Dat die apostel dit waag, het niks te doen met ’n minagende manier van praat oor God nie. Afgesien van die probleem om hoegenaamd oor God te praat en uitsprake oor Hom te maak sonder om van ’n vorm van godslastering beskuldig te word, selfs met die beste bedoelinge, is dit inderdaad so dat God in Christus mens geword en daarmee die probleem om hoegenaamd oor God te praat ondervang het. Dat ons oor God mag praat, al is dit in menslike terme, is deel van die evangeliese wonder van ’n God van eindelose genade en die diep geheim van wie God vir ons wil wees.

Die soort denke wat in alle terme oor God wil swyg en geen uitspraak oor Hom wil maak nie, het van die evangelie geen begrip nie. Ten slotte word almal tot swye oor God gedwing en word die verlossingsboodskap van sy sentrale en radikale inhoud beroof. Dit is ’n versluiering van die evangelie. Die boodskap van die God van genade in en deur Christus Jesus word hierdeur stilgemaak.

#### ’n Afwesige God?

In sy boek verduidelik Du Toit hy is nóg ateïsties, nóg agnosties. Oor eersgenoemde skryf hy: “Ek sou ... verkies om myself nie te definieer met ’n term wat beskryf wat ek nie is nie ...” Oor die laasgenoemde skryf hy: “Ek wonder dikwels of dit nie meestal ’n *cop-out* is nie.” Hy sê hy is post-teïsties. “Vir my dui die post-teïstiese posisie op ’n radikale breuk met ’n metafisiese wêreld: ’n

wonderlike bevryding daarvan.”

Wat ook al die geval mag wees, ons sal moet erken dat die posisie waarin Du Toit hom bevind nie uniek in die geskiedenis van die teologie is nie. Die ou agnostiese, selfs ateïstiese, tradisie, met ’n lang geskiedenis daaragter, meld hom skielik weer en met ’n ligte mate van verrassing aan in ’n debat oor die bestaan van God en sy doelbewuste ingryping, al dan nie, in die geskiedenis van die aardbol, en daarom ook van Suid-Afrika. Du Toit se boek het ons weer voor die lastige gedagte gebring dat die vraag na die bestaan en werking van God in die geskiedenis nie tot ’n vreemde onwerklikheid weggepak kan word nie.

Dat ons hier nie met ’n nuwe debat te doen het nie, het geen uitvoerige argument nodig nie. Van Bybelse tye af tot vandag toe word die vraag na God se handelinge in die geskiedenis bevraagteken en verdedig.

Al is hierdie vraag deur die eeue heen gevra, moet ons tog erken dat ons hier met ’n relatiewe nuutjie in die Suid-Afrikaanse teologiegeskiedenis te doen het. Miskien was dit sluimerend binne Afrikaanssprekende geleedere en tree dit nou eers onomwonde na vore. Die spesifieke geskiedenis van die Afrikaanssprekende deel van Suid-Afrika het tradisioneel immers nie baie ruimte vir so ’n debat gelaat nie. Dat dit nou wel plaasvind, sou voorsien kon word, maar maak dit nie ’n noodwendigheid nie. En of dit ooit ’n permanente plek in die teologiegeskiedenis hier in Suid-Afrika sal inneem, moet ook nog gesien word.

Wat ons wel weet, is dat sowel die vraag na God se ingrype in die geskiedenis as die ontkenning daarvan nie maklik stilgemaak sal word nie. Die ontwikkeling in die Westerse lande getuig hiervan. As ons bloot let op die ontwikkeling in die Weste en die teologiegeskiedenis van die afgelope paar eeue, sal ons gou van enige illusie hieroor verlos word.

#### Godsontkenning en selfvervreemding

Die eerste tekens in die Westerse denke van die *ontkenning* van enige Goddelike

ingrype in die geskiedenis het nie, soos ons sou verwag, in die Marxistiese dele van Europa plaasgevind nie. Dit was wel met verloop van baie dekades in die 19de eeu veral in Rusland oorheersend.


In baie lande van Oos-Europa het die Marxistiese denkwysie die ideologiese botoon begin voer en die materialistiese uitkyk op die lewe was op alle vlakke van die samelewing deurslaggewend.

Die Marxisme, wat ook as ’n proletariese vorm van Godsontkenning gesien kan word, kan teruggevoer word na die materialistiese denkskool van *die Franse Verligting*.

Een van die vernaamste apologete van hierdie denkrigting was *Julien Offray de La Mettrie*. Hy is in 1709 in St Malo gebore, en sterf in 1751 in Berlyn. In ongeveer dieselfde tyd vind ons die optrede van *Denis Diderot*. Hy is gebore in Langres in 1713 en sterf in 1784 in Parys.

Diderot het in die regte in Parys studeer, maar geen beroep in hierdie rigting beoefen nie. Hy was een van daardie skaars mense wat uitsluitlik uit sy pen ’n bestaan kon maak. La Mettrie, daarenteen, was ’n medikus en ’n filosoof, net so ’n ongewone maar nie so uitsonderlike kombinasie van beroepe vir die tyd waarin hy geleef het nie.

Van hierdie twee bekende Franse voorlopers van die Verligting was La Mettrie ongetwyfeld die bekendste en mees begaafde.



#### Die mens is bloot ’n masjien

Met die fundamenteel materialistiese uitgangspunt dat die mens bloot ’n masjien is, het La Mettrie nie alleen groot bekendheid verwerf nie, maar ook ’n kontroversiële figuur geword. Hy was verplig om uit te wyk na Leiden in Nederland, waar hy sy bekende, en berugte, publikasie *L’Homme machine* (Die mens is bloot ’n masjien) die lig laat sien het.

In hierdie publikasie ontwikkel hy sy materialistiese en feitlik ateïstiese denkwysie. Die beginsels en etiese implikasies wat reeds hier raakgesien kan word, werk hy later meer volledig uit in sy boek *Discours sur le Bonheur*. La Mettrie

het hierdie publikasie as sy *magnum opus* beskou. Daarin verwerk hy sy idee van die gevoel van berou as die oorsprong van ’n soort godsdienstige bewussyn, ’n gevoel wat reeds in die beginjare van ’n kind se lewe ontwikkel. Hierdie boek is nie juis goed ontvang binne die kringe van die Franse Verligting nie.

Ten spyte van La Mettrie se ongewildheid in die kringe van die Verligting, word hy as een van die invloedrykste deterministe van die 18de eeu beskou. Hy het homself gesien as ’n meganiese materialis wat geglo het dat alle denkprosesse deur die liggaam gegeneer word. Die mens is en werk inderdaad soos ’n masjien.

Die invloed van die bekende Franse filosoof René Descartes (1596-1650) is duidelik by hom merkbaar.

Descartes het oorspronklik as ’n soldaat in Nederland enkele veldtogte meegemaak, waarna hy hom afgesonder het om hom as wiskundige en filosoof aan sy studies toe te wy. As wiskundige en wysgeer het hy die grondslag van die Rasionalisme ontwerp met sy uitspraak: *cogito ergo sum* (ek dink, daarom bestaan ek). Die mens kan alles betwyfel behalwe dat hy bestaan. Die mens as ’n denkende wese het immers ’n selfbewussyn.

Maar die mens kan ook twyfel en is daarom ’n onvolmaakte wese. Die onvolmaakte kan nie die volmaakte skep nie. Die Godsidee kom dus nie uit die mens na vore nie. Dit moet van God Self kom. Daarom bestaan God.

Terwyl Descartes die bestaan van God erken het, het sy rasionalistiese uitgangspunt daartoe gelei dat denkers soos La Mettrie tot die rasionalistiese gevolgtrekking gekom het dat God nie bestaan nie. Hierdie denkontwikkeling het neerslag gevind in die idee dat die mens bloot ’n masjien is, en La Mettrie het nie gehuiwer om tot hierdie slotsom te kom nie.

Hierdie denkontwikkeling het ook ’n voorlopige neerslag gevind in die denke van *Ludwig Feuerbach*.

Ludwig Andreas von Feuerbach is gebore op 28 Julie 1804 en sterf op 13 September 1872. Hy was een van die bekendste wysgere en ’n beoefenaar van die antropologie. As menskundige het hy ’n besonderse status gehad.

Feuerbach het oorspronklik aan die Universiteit van Heidelberg studeer, maar nie ’n graad daar verwerf nie. Later het hy na die Universiteit van Berlyn verskuif en uiteindelik sy akademiese loopbaan aan die Universiteit van Erlangen voltooi, waar hy ’n doktorsgraad in die filosofie verwerf het.

As antropologiese materialis het hy onder die jong Hegeliane as ’n materialis en ’n humanis bekendheid verwerf. Reeds in 1828, as 24-jarige, skryf hy ’n proefskrif met die titel *De infinitate, unitate atque, communitate rationis* (Die oneindigheid, eenheid en univer-

“Die soort denke wat in alle terme oor God wil swyg en geen uitspraak oor Hom wil maak nie, het van die evangelie geen begrip nie.”

saliteit van die rede). In November 1828 verskyn sy boek *De ratione, una, universalis, infinita* (Die een, universele en oneindige rede).

Feuerbach het egter as denker veral bekendheid verwerf deur sy boek oor die wese van die Christendom (*Das Wesen des Christentums*) met 'n uitbreiding en verduideliking van hierdie boek wat in 1846 sou volg.

Hy het 'n groot rol onder die linkse Hegeliaanse groepe van sy tyd gespeel en was veral verantwoordelik vir die antropologiese materialisme wat in hierdie groep denkers die bestaan van God openlik ontken het.

Dit sou veral sy boek oor die wese van die Christendom wees wat later denkers soos Charles Darwin, Karl Marx, Sigmund Freud, Friedrich Engels en Friedrich Nietzsche sou beïnvloed.

Feuerbach was in staat om deur sy skerpsinnige denke en skryfwyse doelbewus die massas te bereik. Ook op hom, soos op talle ander denkers van hierdie tyd, het Freud duidelik sy stempel geplaas met die gedagte dat God 'n projeksie van die menslike gees is.

Tydens die opstand van 1848 in Europa het Feuerbach se aanvalle op die ortodoksie in die Christendom groot opslae gemaak, maar Feuerbach self het hom daarvan weerhou om tot enige politieke stryd toe te tree.

Ten spyte van Feuerbach se besluit om nie op die openbare politieke platform te verskyn nie, het sy invloed groter gevolge gehad as wat 'n mens sou vermoed. Dit was veral Karl Marx en Friedrich Engels wat hom gevolg het in die soort denke waarin daar vir God geen plek was nie.

Met Feuerbach se bekende stelling dat die teologie eintlik antropologie is en met sy teorie dat die Christelike Godsgedagte ontmasker moet word as die produk van die mens se *selfvervreemding*, het die Westerse denke 'n beslissende wending begin neem. Die Christelike Godsidee is al meer beskryf as die produk van menslike selfvervreemding. Godsdien is niks anders nie as die uiteindelijke produk van hierdie menslike selfvervreemding.

Godsdien is 'n illusie en die Godsgedagte word gesien as die produk van menslike selfvervreemding, 'n projeksie van die mens se ang en begeertes na 'n fiktiewe hemel. God is die wensprojek-

sie van die mens. As die mens geen wense of begeertes gehad het nie, beweert Feuerbach, sou daar geen gode gewees het nie.

Godsdien is inderdaad die produk van menslike selfvervreemding.

Die mens het God uitgevind as 'n wese wat beskik oor al die eienskappe wat die mens self nie het nie. Die mens skep teenoor die mens self 'n wese uitgedos in al die eienskappe wat die mens self nie het nie, maar tog intens begeer: oneindigheid, goedheid, krag, heiligheid en, bowenal, ewigheid.

Omdat mense nie hierdie eienskappe aan hulleself kan toeken nie, projekteer hulle dit op 'n wese wat al hierdie eienskappe het wat by hulle ontbreek. Mense kan slegs negatiewe eienskappe aan hulleself toeken en al die goeie eienskappe projekteer hulle dan op 'n fiktiewe God. God word verryk deur die beste eienskappe van die mens self. Die mens verryk God ten koste van die mens.

Só word die mens vervreem van sy of haar beste eienskappe en dit word projekteer op 'n God wat niks anders as 'n illusie is nie. God en die godsdien, wat met die idee van God saamhang, is bloot 'n menslike projeksie.

Feuerbach se projeksieteorie is deur *Karl Marx* oorgeneem.

Karl Marx het die denker geword wat in die voetspore van die wysgeer Feuerbach geloop het. Hy het dit egter toegepas en geradikaliseer op sosiaal-maatskaplike gebiede in die Weste en dit uiteindelik op 'n indringende en uiters invloedryke manier na die ooste van Europa laat deursyfer.

'n Omvattende bespreking van Marx se denke is binne die bestek van hierdie artikel feitlik 'n onbegonne taak. 'n Wydlopende bespreking van Godsontkenning sou soos volg ingedeel kon word:

- Karl Marx en 'n keerpunt in die geskiedenis
- Friedrich Engels en die Kommunistiese Manifest
- Die Kommunistiese Manifest, Marx en Engels
- Leninisme as historiese variant van Marxisme
- Die eksistensialistiese Godsontkenning
- Die Godsontkenning van die Positivisme

'n Studie van verskillende gestaltes van Godsontkenning lei tot die ontdekking dat dié wat die bestaan van God ontken, dit nie almal eenders doen nie. Die gestaltes waarin Godsontkenning na vore kom, verskil van mekaar, afhange van die vertrekpunt van waaruit gedink word.

Net soos die geloof in God of 'n godheid verskillende gestaltes aanneem, net so kan die gestaltes van die ongeloof in die bestaan van God meer as een vorm aanneem. Die gemene deler is eenvoudig: God bestaan nie. Daar is geen God nie.

Daar was 'n stadium toe sommige denkers alle vorme van godsdien waarin daar nie uitdruklik na 'n god of gode verwys word nie sonder meer as *ateïsties* beskryf het. Daar was die neiging om hierdie term te gebruik vir bepaalde primitiewe vorme van godsdiensoefening, soos om die Boeddhisme en sekere primitiewe godsdienste sonder meer in te skakel by die ry denkers en mense wat nie in die bestaan van God glo nie. Hulle beoefen wel godsdien, maar dit is 'n godsdien sonder God; godsdien sonder die geloof in die bestaan van 'n godheid. 'n Godsdien sonder 'n god klink na 'n teenstrydigheid, maar dit is inderdaad 'n moontlikheid. Na my mening is daar godsdienste wat wel as godsdienste beskou word, maar 'n god of gode is nie daar ter sprake nie. Die ontkenning, veral van 'n persoonlike God, hoef nie te beteken godsdien of die ontkenning van enige objek van godsdienstige verering ontbreek nie.

Net so min kan van ateïsme gepraat word na aanleiding van Psalm 10 en 14 wanneer die goddelose teoreties nie die bestaan van God ontken nie, maar Hom prakties opsy skuif in die manier waarop hulle leef: "Met sy neus in die lug dink 'n goddelose mens altyd 'God vra nie rekenskap nie; daar is geen God nie'" (Ps 10:4), en: "Dwase maak hulle wys: 'Daar is geen God nie'" (Ps 14:1).

Streng gesproke is ateïsme die teoretiese of beredeneerde ontkenning van die bestaan van 'n persoonlike God of iets goddelik. As sodanig is dit in die geestesgeskiedenis van die Weste 'n betreklik moderne verskynsel wat met die proses van sekularisering saamhang.

Terwyl hierdie proses steeds in die Weste plaasvind, vind ons dit nie altyd in 'n teoretiese vorm nie, maar wel in 'n faktiese of praktiese vorm van Godsontkenning. Die bestaan van God word in teorie op 'n manier erken (selfs as vloekwoord), maar nie God se direkte betrokkenheid by sy skepping en sy werksaamheid daarin nie. God is nie dood nie, maar Hy is dood vir sy skepsele.

Die nuwe gesekulariseerde werklikheid in sy tegnokratiese gestalte kan blykbaar sonder God klaarkom.

Die situasie van die "mondige" mens word deur Dietrich Bonhoeffer ver-

woord wanneer hy beweer: "En ons kan nie eerlik wees sonder om toe te gee dat ons hier moet leef asof God nie bestaan nie. Dit is juis wat ons wil erken – voor God! God dwing ons tot hierdie erkenning. So voer ons mondigwording ons tot 'n waaragtige erkenning van ons situasie voor God. God laat ons verstaan dat ons moet leef as diesulkes wat met die lewe klaar kan kom sonder God. Die God wat met ons is, is die God wat ons verlaat ... Die God wat ons laat leef ... sonder die arbeidshipotese-God, is die God voor wie ons altyddeur staan. Voor en met God leef ons sonder God. God laat Hom ... verdring, tot aan die kruis. God is onmagtig en swak ... maar juis so is Hy by ons en help Hy ons ..." (*Widerstand und Ergebung*, München, 1959:241-242).

In hierdie uitspraak pleit Bonhoeffer vir 'n godsdienlose Christendom as die begin van 'n egte Christelike geloof waardeur dit sal blyk dat God wel daar is. Bonhoeffer se godsdienlose Christendom is nie 'n Christendom sonder God nie. In die onmag van die kruis bly God vir hom uiteindelik God.

Dieselfde kan egter nie van die "God is dood"-teologie gesê word nie. Hulle radikaliseer die gedagte van die afwesigheid van God in so 'n mate dat God ophou om God te wees in die letterlike sin van die Woord.

Wanneer ons die verskillende vorme van Godsontkenning in ons moderne tyd bestudeer, is dit opvallend dat ons telkens te doen kry met 'n drang om God op 'n manier te vervang. Die bestaan van God word nie ontken en daarmee is dit afgehandel nie. Die een of ander onduidelike of moeilik beskryfbare verpligting word aangevoel teenoor 'n mag wat nie met die gelade term "God" nie, maar in gewone terme omskryf word.

Dat ons hier te doen het met 'n surrogaat vir God, met 'n nagemaakte absoluteitheid, word beklemtoon deur die feit dat die term in die newel van onbeskryfbaarheid bly. So word die mens gesien as gerig op die nuwe (Garaudy), die utopiese droom (Bloch), die selftransenderende liefde (Gardavsky), of bloot op homself as sy vryheid (Sartre).

Die vervanging kan ook meer alledaags wees wanneer die aanspraak van absoluteitheid aan die rede, die gesonde verstand en die wetenskap toegedig word.

Ten slotte kan die vervanging ook "teologies" wees, byvoorbeeld wanneer die mens Jesus in sy aansteeklike vryheid in die plek van God gestel word (Van Buren).

In watter mate die moderne mens in 'n gesekulariseerde samelewing God ook al uit die oog verloor het, kan die mens hom nie losmaak van die oortuiging dat sy lewe ten slotte op 'n trans-subjektiewe mag gerig is nie.

Blaai om

**Wanneer ons die verskillende vorme van Godsontkenning in ons moderne tyd bestudeer, is dit opvallend dat ons telkens te doen kry met 'n drang om God op 'n manier te vervang.**

Bogaande stelling bied geen Godsbewys nie, maar vir die geloof is dit 'n heenwysing na die feit dat God die mens nie met rus laat nie.

In Romeine 1:18-19 lees ons: "God se toorn word vanaf die hemel geopenbaar oor al die goddeloosheid van mense wat volhou om die waarheid deur ongeregtheid te onderduk, aangesien dit wat van God geweet kan word, onder hulle bekend is. God het dit immers aan hulle bekend gemaak."

Die ontkenners van die bestaan van God kan nie ontsenu word deur die sogenaamde Godsbewyse nie. In laaste instansie bewys die sogenaamde "Godsbewyse" nie die bestaan van God nie, slegs die onontbeerlikheid van 'n borg vir ons bestaan (O Weber, *Grundlagen der Dogmatik I*, Neukirchen, 1959:249).

'n Bewese God is nie die lewende God, die Vader wat Hom in die Here Jesus Christus geopenbaar het nie, maar bloot 'n Aristoteliaanse eerste beweging of eerste oorsaak wat dien as waarborg vir die mens dat sy of haar lewe nie toevallig is nie, nie bloot 'n samesmelting van toevallige moontlikhede nie. So 'n waarborg verskil egter nie wesenlik van 'n transsubjektiewe mag wat ons by meer as een rigting vind wat die bestaan van 'n godheid ontken nie.

Tussen byvoorbeeld Comte se onveranderlike natuurwet en 'n God wat die proses van natuurwetmatigheid aan die gang gesit het, bestaan daar geen wesenlike verskil nie. God is nie 'n metafisiese grootheid wat uit die werklikheid bewys moet word nie. Hy is die God wat Hom in sy skepping openbaar. Hy is die God wat ons in die konkrete gestalte en geskiedenis van Jesus Christus ontmoet.

Vir die natuurlike, sondige mens is die verkondiging van hierdie God 'n dwaasheid (1 Kor 1:21). Daarom kom die verkondiging oor God in die moderne, gesekulariseerde samelewing nie in die oordedende woorde van menslike wysheid nie (1 Kor 2:4), maar in die dwaasheid van die prediking van die kruis.

Hierdie anti-metafisiese karakter van die Christelike verkondiging van God in Jesus Christus wil geen ontvlugting wees van die vrae wat dié wat die bestaan van God ontken oor die skepping vra nie.

Inteendeel, die God wat Hom in Christus openbaar, word bely as die

Skepper van hemel en aarde. Daarom sal die Christelike teologie altyd teen die versoeking waak om toe te gee wanneer die bestaan van God ontken word, maar die idee van God nogtans gebruik word vir 'n soort verklaring van die onverklaarbare in die lewe van die mens.

Tot skade van die Christendom het hierdie soort teologie in die leemtes wat in die natuurwetenskappe voorkom 'n plek vir God ingeruim. Dit beteken hoe meer die mens self kan verklaar en hoe meer die mens die leemtes in sy of haar kennis kan opvul, hoe verder word God op die agtergrond gedring.

Hier het ons met 'n soort teologie te doen wat sigself kan vernietig as dit nie meer 'n plekkie kan vind om God in te druk nie. God is nie, in die woorde van Bonhoeffer, 'n toestopper van leemtes nie. Hy het met die totale werklikheid te doen. God moet as sodanig verkondig word in 'n eeu van sekularisasie en ongelooft.

Net so selfvernietigend is 'n teologie wat, in plaas daarvan om God in 'n gesekulariseerde omgewing te verkondig, swig voor die mag van die sekularisme in die hoop dat daar nog iets van die evangelie kan oorbly in die slagspreek: God is dood, Jesus leef.

'n Jesus-verkondiging wat nie 'n Godsverkondiging is nie, is nie 'n Jesus-verkondiging nie omdat Jesus alleen Jesus is, as die Seun wat Hom onvoorwaardelik toevertrou het aan sy Vader wat in die hemel is.

Trouens, teenoor enige vorm van sekularisme moet daar duidelik gestel word dat daar geen beter tyd is vir die boodskap van God as juis die eeu van Godsontkenning nie. Wie brood het om weg te gee, beweer Ebeling (*Wort und Glaube II*, Tübingen, 1969:377), gee aan dié wat broodloos is, Die geneesheer begeef hom na die kranke, die bode van God na die godlose.

Ons het reeds gewys op die gepostuleerde karakter van 'n geloof wat ontken dat daar 'n God is. Die Godsverkondiging aan dié wat so glo, moet dit bo alle twyfel duidelik maak dat dit in die erkenning of ontkenning van God ten diepste nie gaan oor die teoretiserende verstand van die mens nie. Hier gaan dit om deurslaggewende geloofsbeslissings.

Hier gaan dit om 'n keuse, 'n allesbeslissende keuse: vir God of téén God!



# GASRUBRIEK

## CAS WEPENER

# En die dood is mooi

**Dit is pandemietyd en daar is baie begrafnisse, te veel. Bied begrafnisse troos? Indien wel, hoe?**

Dit is 'n foto van 'n doopvont. Of is dit 'n doodkis? Dalk 'n doopvont? Dit is teologie in steen, want doop en dood hoort bymekaar. Romeine 6 sê gedooptes is in Jesus se dood gedoop. Wat beteken dit? Liturgiese praktyke kan help om die diepte en troos van woorde, veral ook vreemde woorde soos hierdie, te peil.

Dit is 'n ou tradisie om 'n begrafnisdiens by die doopvont te begin. Die liturg staan by die vont, vat aan die water, laat dit drup en sê: "NN is gedoop. Sy het dáárdie dag met Christus gesterf, sodat sy vir ewig met Hom kan leef."

Wanneer dood en doop só aan mekaar gekoppel word, herinner dit aan die bekende versreëls van Van Wyk Louw: "mooi is die lewe/ en die dood is mooi".

Deur 'n ommekeer van sinstruktuur dig Van Wyk Louw nie "mooi is die lewe/ en mooi is die dood" nie. Daar is 'n subtiele inversie in die reël – "en die dood is mooi". Die dood is dus 'n andersoortige mooi, 'n vreemder mooi as "mooi is die lewe".

Dit is ook die soort mooi wat beleef word wanneer die dood vanuit die doopvont gevier word. Dan vat dood en doop hande en dié wat daar is beleef dat lewe én sterwe verborge is in die groot Misterie wat ons God noem.

Die dood is nie mooi nie, die dood is 'n vyand. Dood se refleksie lyk in doopwater wel anders, morfologies steeds palindroom, maar sintakties ondermyn tot die vreemde estetika van God. Tydens een begrafnisdiens word "I did it my way" én "Amazing grace" gespeel wanneer foto's van die oorledene vertoon word (soos Tom Long ook daarop wys), maar wanneer die diens van gelowiges by die vont begin, is dit die draaiboek van God

wat die draaiboek van die lewe van die oorledene omvou en spoel "Amazing grace" oor alles en almal.

In die ou dae is dooprokkies wat heeltemal te groot vir die babas was dikwels gebruik. Hulle het "verdrink" in die materiaal. Dit het gevaarlike water wat red gesimboliseer. "In die ark is net 'n paar mense, altesaam agt, deur die vloedwaters heen gered" lees ons in 1 Petrus. En Luther se "Sondvloedgedbed" lui onder meer: "... Ons dink ook aan die doop van Jesus, ons Here. Daar is die water 'n teken gemaak van die heilsame vloed ...". Genadewater wat verswelg. 'n Vloed wat red. Dood wat oorstrom word deur doop.

Dit is troos. In die doop lê troos oor die dood. Lewe én sterwe in God. En die troos van die begrafnisdiens, skryf Long in sy boek *Accompany them with singing*, lê nie in die eerste instansie of primêr in (bekerings)prediking nie. Die langtermyn en dieper troos, lê doodgewoon in die diens self, in die teologie wat die drama van die begrafnis verbeeld. Daarom merk hy op ons sal nie 'n troue sonder 'n bruid, of 'n doop sonder 'n dopeling hou nie, en vra hoekom ons dan begrafnisse sonder oorledenes hou? Sy mening: "The dead should be welcomed once again to their own funerals". Hoekom? Want hoe begrafnisgangers met die oorledene 'n pad in 'n liturgie stap, vertel 'n storie wat langtermyn troos bied.

Ek is nie daarvan oortuig dat ons in die NG Kerk gaan begin om doopvonte in die vorm van doodkiste te bou of selfs doodkiste by die vont gaan plaas nie. Tog kan eenvoudige liturgiese simbole, soos om dood en doop te verbind, Willie Jonker se "Dit is my troos dat ek gedoop is" soos 'n lang nagalm by begrafnisgangers laat bly.

► Prof Cas Wepener doseer *Praktiese Teologie aan die Universiteit Stellenbosch*.



**Trouens, teenoor enige vorm van sekularisme moet daar duidelik gestel word dat daar geen beter tyd is vir die boodskap van God as juis die eeu van Godsontkenning nie.**



## VERSTAAN die Bybel

# Jesus ontken nie klag dat Hy wêreldorde wou uitdaag

MARIUS NEL

In hierdie reeks rubrieke kyk die skrywer na die gebeure wat die wêreld gevorm het waarin die Nuwe Testament geskryf is. Hierdie is die vyfde aflewering. Voriges kan gelees word by [kerkbode.co.za](http://kerkbode.co.za) onder die Dinkstof-hofie in die navigasiekolom.

Die kruisiging van Jesus is die vyfde gebeurtenis wat Carter uitlig wat krities noodsaaklik is vir die verstaan van die Nuwe Testament. Volgens die Nuwe Testament en ander buite-Bybelse bronne was dit tydens die goewerneurskap van Pontius Pilatus (26-37 nC). Die presiese wyse waarop Jesus gekruisig is, word egter nie deur enige bron stap-vir-stap ver-

meld nie. Markus 15:14 byvoorbeeld vermeld bloot dat Jesus gekruisig is. Terwyl veroordeeldes op 'n veelvoud van maniere gekruisig is, was die gewone werkwyse om hulle eers te verswak deur hulle te gesel sodat hulle hulle nie teensit nie. Hierop is hulle aan 'n dwarsbalk vasgemaak en gelei na waar hulle gekruisig sou word. Hier is hulle aan die kruis self vasgespyker waarna hulle na 'n lang lyding vanweë asemnood, of skok vanweë die trauma van die kruisiging self, gesterf het. Hulle asemnood is veroorsaak deur die fisiese inspanning wat dit vereis om uit te asem as hulle teen 'n kruis vasgespyker is.

Dat Jesus deur die Romeine gekruisig is, is insiggewend om te verstaan hoe

hulle Hom beskou het. Hulle het Jesus immers nie gekruisig oor die teologiese betekenis wat Christenskrywers later aan sy dood sou heg nie. Vir die Romeine was kruisiging 'n straf gereserveer vir diegene sonder status, misdadigers of rebelle. Dit was nie die vinnigste of effektiëste manier om mense tereg te stel nie. Dit was eerder 'n publieke wyse om almal wat hulle heerskappy wou uitdaag te waarsku om in hulle spoor te trap.

Dit is opvallend dat tydens Jesus se verhoor en kruisiging die aanklag by herhaling gemaak is dat Hy Hom as koning van die Jode voorgedoen het. Die opskrif bo sy kruis verklaar dan ook dat dié aanspraak die rede vir sy kruisiging was. Volgens die Romeine het Je-

sus dus oënskynlik 'n wesenlike gevaar vir hulle heerskappy ingehou. Terwyl die Romeine nie gewoonlik rabbi's wat geleer het dat die volle uitvoering van die Wet liefde is gekruisig het nie, het hulle Jesus waarskynlik as 'n bedreiging gesien oor sy verkondiging van 'n nuwe koninkryk wat radikaal verskil het van hulle s'n. Terwyl ons dikwels gou is om Jesus se optrede en dood bloot te vergeestelik as dat Hy gesterf het om ons siel te red, is dit betekenisvol dat Jesus die klag dat Hy die wêreldorde wou uitdaag nooit ontken nie. Hy het eerder gesterf om die ganse geskape wêreld te bevry van die greep van sonde.

► Prof Marius Nel doseer Nuwe Testament aan die Universiteit Stellenbosch.

## TERUG NA DIE TOEKOMS

# 16 Junie: Dit mag nie weer gebeur nie!

JOHAN VAN DER MERWE

Op 16 Junie vier ons in Suid-Afrika Jeugdag. Die geskiedenis van die ontstaan van die dag herinner ons aan gebeure wat veel groter is as die jeug. Dit is 'n verhaal van jongmense se betrokkenheid by onreg in die samelewing. Die verhaal het in 1974 begin toe die destydse regering besluit het om Afrikaans 'n verpligte skoolvak te maak. Grootse ontevredenheid onder swart skoliere het gevolg. Op 16 Junie 1976 is verskeie optogte in Soweto gereël wat in die Orlandostadion sou eindig. Tydens een van hierdie optogte het geweld losgebars en is die 12-jarige Hector Pieterse doodloftig deur die polisie gewond. Dit het die onreg van apartheid

weer onder die wêreld se aandag gebring.

Die gebeure van 16 Junie 1976 het ook nie ongemerk by lidmate van die NG Kerk verbygegaan nie. In November 1980 is die *Hervormingsdaggetuienis* deur teoloë van teologiese fakulteite van die NG Kerk in *Die Kerkbode* gepubliseer. In 1981 het *Stormkompas* en *Die Ope Brief* wat deur 121 teoloë en lidmate onderteken is, gevolg. Hierdie publikasies het ongetwyfeld gelei tot die historiese besluit van die Algemene Sinode in 1982 om die rassebeleid van die kerk te hersien. In 1986 is *Kerk en Samelewing* aanvaar waardeur die NG Kerk formeel weggedraai het van die teologiese ondersteuning van die onreg van die regering se apartheidbeleid.

Die Covid-19-pandemie het opnuut die vergrootglas op die Suid-Afrikaanse samelewing geplaas en onreg wat steeds voortduur word duidelik blootgelê. Ongekende armoede, grootskaalse korrupsie – ook te midde van die pandemie – en plaasmoorde is skielik van die kenmerke van die land wat internasionaal aandag trek. Dit is immers nie sonder rede dat Suid-Afrika tans as een van die mees korrupte lande in die wêreld gereken word nie. Die vraag is hoe lank die samelewing hierdie stand van sake gaan duld? 'n Vraag wat daarmee saamhang is wat die NG Kerk aan die situasie doen? In 1976 was die Soweto-opstand die spreekwoordelike vuurhoutjie in die kruitvat. Wat gaan dit in die huidige

situasie verg en wat kan kerkleiers en lidmate doen om dit te voorkom?

Miskien moet die strydbyle in die kerk wat ongenadiglik skerp gemaak word – terwyl kinders in dele van die land van broodkrummels moet leef – vir 'n oomblik eenkant gesit word. Miskien lê die roeping van die NG Kerk op die oomblik nie in binnegevegte nie, maar na buite waar die nood van mense ongekende afmetings aanneem. Dalk is dit die bydrae wat die kerk in elke gemeente kan maak: om aktief werk te maak van die ontsaglike nood sodat 16 Junie 1976 nooit weer gebeur nie.

► Prof Johan van der Merwe doseer kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.

## In pas met die lewende God

LOURENS BOSMAN

Partykeer kry ek die indruk dat ons nie mooi weet wat om met die Heilige Gees te maak nie. Die vreemdhede rondom die Gees in sommige kerke maak baie van ons só lugtig dat ons lewe sonder dat die Heilige Gees regtig 'n faktor in ons lewe is. Nie doelbewus nie, maar net omdat die Heilige Gees nie prominent op ons geloofsradar is nie.

Ons missionale teologie wil dit regstel. Ons weet dit is onmoontlik om in pas te wees met die lewende God, maar jy ignoreer die Heilige Gees. Die kerk leef in die krag van die Gees. Jesus stuur ons uit met die belofte dat Hy by ons is

en die Gees sit sy teenwoordigheid in ons voort.

'n Sleutelwoord vir 'n lewe in pas met die Drie-eenheid is geloofsonderskeiding. Dit beteken dat jy voortdurend attent daarop is dat God lewend en werkend in die wêreld en in jouself is. In die praktyk beteken dit dat jy anders begin kyk na die wêreld. Jy verwag om God te ontmoet in jou gewone ontmoetings en raak te sien in jou normale kom en gaan.

Hoe gebeur dit?

Eerstens deur die Bybel. Dit is die Gees wat maak dat die ou woorde in die Bybel vandag mense se lewe aanraak. Maar dan moet jy die Bybel luisterend

## In pas met die Gees

lees. Ons NG tradisie is nogal sterk gerig op die intellek en dikwels lees ons die Bybel hoofsaaklik om nuwe goed te leer. Soms word Bybelstudie niks meer nie as intellektuele vermaak.

Die skuif wat nodig is, is van informasie na formatiewe lees. Dit beteken dat 'n mens minder gerig is op informasie en meer daarop dat die Woord jou vorm. In die praktyk hou dit in dat jy minder sal lees, langer sal stilstaan by een teks en sal wag dat die Gees jou lewe aanraak. In ons kantoor lees ons elke oggend vir 'n week lank dieselfde teks. En so met die tyd vind ons dat die Gees ons hart en denke vorm.

Die Gees leer ons dan verder om die

werklikheid op 'n geestelike manier te beoordeel. Wanneer die Gees jou denke en gewete vorm, kyk jy eenvoudig nie meer op dieselfde manier na dinge soos armoede en welvaart, reg en onreg, ras en geslag, wat en hoeveel jy verbruik en hoe jy mense beoordeel nie. Jy kyk al meer met Jesus se oë na die wêreld.

Die Heilige Gees word nie sonder rede die "Gees van Christus" genoem nie. Die Gees maak dit wat Jesus lank gelede hier op aarde gedoen het, vandag 'n werklikheid in gelowiges se lewe.

► Dr Lourens Bosman is die algemene bestuurder in die kantoor van die Algemene Sinode.

# NG GEMEENTE IMPALAPARK

## VAKATURE: JEUGWERKER

'n Nuwe pos by NG gemeente Impalapak word hiermee bekendgestel. Die pos is vir 'n volttydse jeugwerker vir 'n aanvanklike tydperk van twee jaar. Die moontlikheid bestaan om hierdie pos te verleng vir 'n verdere tydperk na verstryking van die aanvangstermyn. As nuwe pos bied dit vele geleenthede vir persoonlike groei en ontwikkeling.

### Jeugwerkersprofiel:

Die geskikte kandidaat moet 'n lewende verhouding met die Here hê en die begeerte om Hom te dien. Hiermee saam moet die geskikte kandidaat 'n belydende lidmaat van die NG Kerk wees en 'n passie vir jongmense en die jeug hê asook om die evangelie met hulle te deel. Gewenste karaktereienskappe sluit in kreatiwiteit, integriteit en 'n positiewe gesindheid wat uitgeleef word met entoesiasme en inisiatief.

### Pligte:

Die geskikte kandidaat ondersteun die Onderrigdiensraad en die leraar met die uitvoering van die volgende pligte en take:

- Die daarstel van groter betrokkenheid van die jeug by uitreike van die gemeente.
- Die daarstel van groter gemeentebetrokkenheid by die #Imagine beweging.
- Die daarstel van en die betrokkenheid by 'n jong volwassene omgeegroep wat saam met die bestaande omgeegroepbediening funksioneer.
- Die ontginning van bronne en die bou van netwerke met skole in die omtrek.
- Hulp en ondersteuning aan die leraar met kinderdienste, finalejaarkategese, gesinsbediening, nagaan en selektering van kategesemateriaal en missionale aksies in die gemeenskap.
- Ander take en pligte soos bepaal deur die Onderrigdiensraad.

### Vergoeding en voordele:

- 'n Mededingende vergoedingspakket sal aangebied word met inagneming van kwalifikasies.
- Aansoeker moet beskik oor 'n geldige bestuurderslisensie met eie vervoer asook eie akkommodasie.

### Aansoek:

Alle aansoeke moet vergesel word van 'n volledige CV met drie referente se kontakbesonderhede. CV's moet vergesel word van 'n beskrywing van jou siening oor die rol van 'n jeugwerker en 'n kort beskrywing van jou sterkpunte en groei-areas. Rig alle CV's aan: [kerkantoor@ng-impalapak.co.za](mailto:kerkantoor@ng-impalapak.co.za)

### Navrae:

Deon Styger (082 882 7386) of dr Marius Gertzen (083 235 6201).

Sluitingsdatum: 15 Junie 2021.

## AMPTELIKE NUUS UIT DIE NG KERK-FAMILIE

Stuur Amptelike Nuus na Lida Viljoen by [lida@tydskrifte.co.za](mailto:lida@tydskrifte.co.za)

het op 30 April geëmeriteer. (Marleen Steyn, Skriba, 18.05.2021).

### NG KERK

**BEROEP:** Dr André Oosthuizen na Tarkastad; prop Elizabeth Petronella Sassenberg na Overkruin; ds Johan Janse van Rensburg van Wierdapark-Suid na Jeffreysbaai.

**AANVAAR:** Ds JF van Heerden van Swellendam na Kuruman-Moedergemeente.

### WES-KAAPLAND

#### EMERITAAT

Ds Gert Oosthuizen van die NG gem Langebaan

### NOORDELIKE

#### EMERITAAT

Ds DM (Danie) Ferreira emeriteer einde Mei 2021 na 30 jaar diens by NG Pretoria-Tuine. Die Akte van Emeritaat sal DV op Sondag, 23 Mei 2021, om 08:30 aan hom oorhandig word. (Marlia Rotteveel, Skriba, 14.05.2021).

#### EMERITAAT

Dr JD Kirkpatrick van Stellastraat gemeente (Suid-oos-Pretoria) het op 16 Mei 2021 sy Akte van Emeritaat ontvang. Hy bly aan in 'n kontrakpos. (E Scholtz, 19.05.2021)



Jou ondersteuning stel *Kerkbode* in staat om voort te bou op 'n geskiedenis wat terugstrek tot Januarie 1849 toe die eerste *Kerkbode* verskyn het met die oorspronklike doel om "godsdienstkennis te versprei".

Die behoefte aan betroubare en gebalanseerde kerkjoernalistiek groei by die dag.

Besoek [www.kerkbode.co.za](http://www.kerkbode.co.za) om uit te vind hoe jy 'n Vriend van *Kerkbode* kan word.

**Die vakature-advertensies verteenwoordig die standpunte van die adverteerder en nie noodwendig dié van *Kerkbode* nie.**

# NG GEMEENTE CLOCOLAN

## VAKATURE: VASTETERMYNPOS

*Ons as gemeente is in biddende afhanklikheid van die Here en stel die bogenoemde vakature bekend.*

### GEMEENTEPROFIEL:

Ons is 'n diverse boeregemeenskap in die Oos-Vrystaat. Die gemeente beskik oor 'n groot kerkgebou, funksionele saal en 'n baie ruim pastorie. Ons het 236 lidmate en 54 dooplidmate en ervaar werklik die seen van die Here.

Ons Visie: *Saam met mekaar en met God op pad in die wêreld.*

### LERAARSPROFIEL:

- Gelegitimeerde leraars, proponente en emeriti met ervaring en ondervinding kan aansoek doen.
- 'n Leraar wat afktief persoonlike verhoudings bou met sy gemeentelede en wat bereid is om deel te word van die groter gemeenskap.
- 'n Leraar wat 'n voorliefde en begrip het vir 'n plattelandse gemeenskap.

### VERGOEDING:

Volgens sinodale riglyne tot en met kerf 8. 'n Ruim pastorie word voorsien. 'n Vastetermynkontrak word aangebied.

### DIENSAANVAARDING:

1 SEPTEMBER 2021 of so na as moontlik aan die datum.

### AMPSPLIGTE:

Pligte volgens Artikel 9 van die Kerkorde.

### BELANGSTELLENDEN WORD VERSOEK OM OP DIE VOLGENDE TE LET:

Aansoeker moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud asook die waarneem van 'n oggenddiens.

Die kerkraad behou die reg voor om nie die vakature te vul indien 'n geskikte kandidaat nie gevind word nie.

### SLUITINGSDATUM: 30 JUNIE 2021.

'n Volledige CV en die kontakbesonderhede van drie referente kan gestuur word aan die skriba by die volgende e-posadres: [ngcloc@gmail.com](mailto:ngcloc@gmail.com)

### NAVRAE:

Gemeentevorsitter: Pietie Eksteen: 082 337 5583.  
Pre-advieskommissie: Vivienne Venter: 082 828 9874.  
Gemeentebestuurder: Wilma Rautenbach 051 943 0049 tussen 08:00 en 13:00.

*Alle seënswense aan belangstellende kandidate.*

## Die Ned Geref Kerk en die Ned Herv Kerk in Harare, stel hiermee gesamentlik die volgende bekend:

### Vakature: Leraarspos, vastetermyn

#### Gemeenteprofiel:

Die twee gemeentes het 'n samewerkingsooreenkoms gesluit en beroep saam 'n leraar wat beide gemeentes sal bedien. Gesamentlike eredienste word reeds gehou, terwyl ook besluit is om bedieninge in die gemeentes en gemeenskap te koördineer. Die gemeentes is tipiese stedelike gemeentes en bestaan grootliks uit ouer persone. Daar is ook lidmate wat buite die stedelike gebied woon. Die pos is 'n vastetermynpos vir drie jaar wat met wedydse instemming verleng kan word.

#### Leraarsprofiel:

Die geskikte kandidaat moet

- volledig en goed tweetalig wees (Afrikaans- en Engelssprekend – eredienste word om die beurt in Afrikaans en Engels gelei);
- oor 'n fyn aanvoeling vir bediening aan alle ouderdomsgroepe beskik;
- goeie gesondheid geniet.

**Die gemeentes sal 'n lewenskragtige persoon wat pas geëmeriteer het, baie sterk oorweeg.**

#### Posbeskrywing:

- Die predikant moet die nuutgevormde samewerking tussen die NGK en die NHK as een gemeente, kan hanteer en uitbou.
- Die predikant moet sy pligte volgens KO Artikel 9 van die NG Kerk en die kerkordelike bepalings 2.1.5. van die NH Kerk uitvoer.
- Die beroep is onderhewig aan die suksesvolle verkryging van 'n werkspermit.

#### Vergoedingspakket:

- Vergoeding en byvoordele sal tydens 'n onderhoud verstrek word.
- Gemeubileerde huisvesting is beskikbaar.
- 'n Voertuig vir gemeentelike gebruik in Zimbabwe word verskaf.

#### Aansoeke sluit op 30 Junie 2021

- Diensaanvaarding 1 Julie 2021 of so gou moontlik daarna.
- Aansoeke moet vergesel wees van 'n verkorte CV (maksimum 3 bladsye) met vermelding van die kontakbesonderhede van twee referente, en moet gestuur word aan: [drcharare@mango.zw](mailto:drcharare@mango.zw)

Navrae: Oudl Deon Theron +263 77 224 6233 en oudl Rinus Grau +263 71 261 1536. Ds Nicolaas Steenekamp, die konsulent van die NHK Harare, kan in die RSA gekontak word vir inligting – 073 279 3315.

*Die kerkrade behou die reg voor om nie 'n beroep uit die aansoeke uit te bring nie.*

## AKKOMMODASIE

## BLOEMFONTEIN

Oornagverblyf. DStv, lugreëling, badkamer. Veilige parking. Naby N1, skougronde, hospitale en inkoop-sentrums. Vanaf: R250. Skakel Hanlie, 084 400 2693. hanlidevilliers@webmail.co.za

VAKANSIE-  
AKKOMMODASIE

**HAZYVIEW:** SABAAN GASTEPLAAS: Uiters bekostigbare tariewe, 30 km vanaf Krugerwildtuin. Op Panorama Roete bv. God's Window, Blyde Canyon. Skakel 071 545 0155 of e-pos bookings@sabaan.co.za

VAKANSIE-  
AKKOMMODASIE

**HERMANUS:** Ruim, bekostigbare selfsorg gesins-woonstel aan privaat woonhuis naby die see. Veilige parking. Vanaf R600pn. jdb@hermanus.co.za of 082 929 6350.

**JEFFREYSBAAI:** SANDKASTEEL – 2 slaapkamer (slaap 6) wooneenheid volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

**UVONGO:** Selfsorgwoonstel. Pragtige see-uitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R520 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779. Webblad: www.grietseplek.com

Om te adverteer in *Kerkbode*, kontak Hanlie Raath: Sel: 072 357 8914. E-pos: woes@mweb.co.za

## GLO-STORIES

In *Glo-stories* kry jy twee unieke stemme in een boek. 'n Storieverteller en 'n dominee wat Sistematiese Teologie doseer. Twee van *Kerkbode* se gewildste skrywers, Dana Snyman en Nadia Marais, nou in 'n medium wat nie so vlietend soos die slimfoon of frommelbaar soos die papierkoerant is nie.



BM  
Bybel-Media

## NG LYTTTELTON

## Vakature: Orrelis

Die orrelis is verantwoordelik vir die sang en musiek tydens die oggenddiens en ander geleentheidsdienste. Begeleiding op die pyporrel is die vertrekpunt. Die orrelis is verantwoordelik vir die kreatiewe uitbou en ontwikkeling van die musiek by die diens en moet as deel van 'n span kan funksioneer. Ons gemeente bestaan uit ouer lidmate, maar ons sal graag die jonger mense ook wil akkommodeer.

Ons gemeente se musiekbedieningskultuur is een van samewerking tussen orrel en die sanggroep en klavier. Ons verwagting is dat die twee mekaar moet bystaan deur saam te werk en dat daar bereidwilligheid is om nuwe liedere te leer vanuit die *Flam* en *Vonkkliedere* asook die *Liedboek*.

## Verantwoordelikhede

## 1.1 Eredienste

Die bespeling van die orrel en of klavier ter begeleiding van gemeentesang by oggenddienste sowel as vir die eredienste wat op Christelike feesdae aangebied word. Same-sanggeleenthede voor die voorgemelde eredienste.

1.2 Die speel van gepaste voorspele, tussenspele en naspele by eredienste waar van toepassing, in aansluiting by die preektema en/of kerklike jaar.

1.3 Die hantering van uitnodigings in samewerking met die gemeente, diensraad of betrokke leraar, bv aan kore, soliste of orkesgroepe wat by besondere erediensgeleenthede in die gemeente optree.

1.4 Die beplanning en aanbidding van besondere sangdienste soos bv Kerssangdiens, Paassangdiens, Lofsangdienste, Pinksterdienste en Week van Gebed in samewerking met die leraar.

1.5 Die samestelling, ontwikkeling, instandhouding en begeleiding van 'n gemeentesanggroep.

1.6 Stel die diensraad in kennis van enige stem- en herstelwerk wat aan die orrel gedoen moet word en rapporteer dit.

1.7 Die bywoning van relevante kursusse.

1.8 Die tydige deurgang van besonderhede aan die betrokke leraar wanneer die persoon nie die betrokke Sondag vir hul speelbeurt sal kan beskikbaar wees nie.

**Vereistes:** Die kandidaat moet verkieslik oor die volgende kwalifikasies, vaardighede en ondervinding beskik:

- 'n Vierjarige BMus-graad met orrel as hoofvak op 3de jaar- of byvak op 4de jaarsvlak of enige ander toepaslike kwalifikasie.
- Die begeleiding van gemeentesang met 'n pyporrel.
- Vermoë om klavier te speel.
- Ondervinding met die afrigting van gemeentekore en of sanggroep.
- Rekenaarvaardig rakende die musiek en note.

**Vergoeding:** R4 000 - R5 000 per maand (Afhangende van kwalifikasies).

**Aansoek:** Volledige CV's kan gestuur word na

- Per e-pos: kantoor@nglyttelton.org.za
- Elektroniese voorbeeld van jou begeleiding per WhatsApp: Ds Landi Botha 079 182 2387.
- Die kandidaat moet bereid wees om vir 'n speelbeurt genooi te word.

**Sluitingsdatum:** 20 Junie 2021.

**Navrae:** Kerkkantoor 012 664 4725.

## Klein venstertjies op God



## Selfs vir sondaars

Hierdie grondpad vat jou na die Malutiberge buite Clarens.

Die Spreukedigter praat van 'n pad wat na die dood lei (Spr 5:5; 7:27) en 'n pad wat na die lewe lei (Spr 6:23; 10:27). Deur van die verbode vrugte te eet, het die mens die pad van die dood gekies. Dit was nie God se keuse nie en Hy het dit nie daar gelaat nie.

In sy "liefde en trou" (Ps 25:6) het God vir ons die pad na die lewe deur Jesus Christus se kruisiging en opstanding oopgestoot (Joh 14:6). Die Gees begelei ons op dié pad en maak van ons gewillige en vreugdevolle reisigers. In sy genade het die Here ons ook die Wet en Woord as padkaart gegee. Daarom dat die psalmis dankbaar juig: "Die Here is goed en regverdig: Hy wys selfs vir sondaars die pad aan, Hy laat aan hulpeloses reg geskied en Hy leer hulle sy pad" (Ps 25:8-9).

– Kobus Smit  
fineartamerica.com/profiles/kobus-smit

# Dana op reis

Dana Snyman  
Foto: Adrian de Kock



## As 'n preek jou bang en leeg laat

**D**ie land kasty my terwyl ek al verder noord ry. Elke dorp met sy plakkersbuurt, soms groter as die dorp self. Bedelaars. Slaggate in die pad. Die nuus van nóg 'n moord oor die radio, nóg 'n rooftog, nóg 'n korrupte amptenaar iewers.

Iemand het vroegoggend vir my 'n video op my selfoon aangestuur, en gesê: Luister 'n bietjie hierna. Miskien móét ek. Hoop, gee my hoop.

Mense stuur knaend vir jou sulke video's en podcasts met die beste bedoe-linge aan.

Sommer so in die ry druk ek op die regte plekke op my selfoon, die volgende oomblik kom 'n man, 'n prediker met sy eie YouTube-kanaal, se stem via die wonders van blue tooth-tegnologie oor my bakkie se luidsprekers. Welkom, groet hy.

Ek sien hom vlugtig op my selfoon se skerm, strepieshemp, vriendelike gesig, en sit die foon weer neer en hou aan met luister.

Iemand het hom gevra om iets te sê oor die toestand in die land, sê die prediker. Dit is nie maklik nie, dit is 'n emosionele saak. Dis moeilik, sê hy. Dan lees hy uit die boek Habakuk: Hoe lank, o Here, roep ek om hulp, maar U hoor nie; skreeu ek tot U: Geweld! – maar U help nie? Waarom laat U my onreg sien ...

In my truspieëltjie verskyn 'n groot wit bakkie en glip verby, met twee skape agterop, vasgemaak met 'n tou om die nek aan die bakkie se traliewerk.

Hier ry ek iewers tussen Heilbron en Sasolburg in die Vrystaat in die jaar 2021 en opeens begin dit voel of ek in 'n erediens in die 1980's is toe die prediker in my bakkie se luidsprekers vergelykings begin tref tussen die volk Israel se omstandighede in die Bybelse tyd en die Afrikanervolk se situasie op die oomblik, hiér, nou.

Die ooreenkomste tussen die volk Israel en die Afrikanervolk is verstommend, sê hy.

Hier kom dit al weer, dink ek, en wonder of ek nie arrogant is nie. My kennis van die Bybel is lendelam en van die teologie weet ek weinig.

Nes die Bybelse Israel het die Afrikanervolk afgedwaal van God af, sê die prediker en vertel hoe God vir Habakuk gesê het hy gaan die Galdeërs oproep, daardie kwaai, onstuimige nasie, en daar sal ongekende geweld en verwoes-

ting wees, baie soos dit nou met die ANC aan bewind in Suid-Afrika gaan. Die ANC is ons Galdeërs. Dit is God se oordeel oor ons.

Die oordele van God is pynlik en traumaties, gaan hy voort, en lees verder uit Habakuk oor God se toorn, hoe die pes voor Hom uit loop, hoe 'n koorsgloed agter Hom aan trek, terwyl Sasolburg wasig in die verte verskyn.

Nou raak sy stem al meer vol emosie. God het Suid-Afrika geoordeel, sê hy. God het ook die Afrikaner geoordeel. Die Afrikaner se kerk is in 'n gemors. Daar is geen leiding nie. Daar is geen agting vir wie God is nie. Ons aanbid intellektualisme. Ons aanbid liberalisme. Ons wil sondige praktyke uit die Bybel regverdig. Daarom gaan dit met ons soos dit gaan.

Die Afrikaner moet terug na God toe draai, sê hy, nou net duskant trane. Nie net die Afrikaner nie, almal in die land moet weer voor God buig.

En toe, ná 'n gebed, is die boodskap verby, en is ek net duskant Sasolburg en

langs die pad stap 'n vrou met 'n bondel hout op die kop. Oor die fabriek en geboue en bome hang 'n vaal rookbank. Ek voel steeds leeg.

Miskien was die prediker se boodskap vir my net te bekend, want dit verskil nie juis van soveel preke wat ek van kleintyd af hoor nie: Eers 'n teksgedeelte uit een van die Bybel se profetiese boeke, dan die vergelyking met die Israëliete, dan die oproep van die toorn van God, dan die waarskuwing: Keer terug na God toe. Kollekte. Seënbede. Huis toe.

Preke wat jou laat voel of geloof iets te doen het met God wat Ou-Testamenties die mense en volke straf wat Hom nie behaag nie. Preke wat 'n mens bang en leeg laat voel.

Voor is 'n verkeerslig. Rooi. Hou stil. 'n Paar jong mans stap tussen die motors deur en verkoop verestoffers en selfoonlaaiers en goed. Op die sypaadjie braai 'n tante groenmielies en verkoop dit. Met haar mieligheid help sorg sy moontlik vir ander. In die Opel langs my praat 'n man oor sy selfoon.

Hy beduie woes met sy hande. Iewers is 'n krisis.

Behoort geloof ons nie anders na ander en onself en ons omstandighede te laat kyk nie? Soos Jesus? Om soos Jesus na die wêreld te probeer kyk. Om vriende te sien waar ander net vyande opmerk. Om jou eie gebrokenheid in ander s'n te herken.

Mense doen selegte en wrede dinge aan mekaar en die skuldiges moet ingevolge die landswette gestraf word. Maar is dié wat graag praat oor God se oordeel en straf, nie dikwels ook dié wat self ander wat anders as hulle is op verskillende maniere oordeel en straf nie?

Anderkant Sasolburg vat ek die afdraai Parys toe, agter 'n bibberende Mercedes-lorrie vol werkers aan. Ek gaan verby en waai vir hulle. 'n Paar waai terug, die ander staar gatvol voor hulle uit.

Ry ek voorspoedig behoort ek voor donker op Parys te wees. Ek gaan by vriende oornag, en daar sal brood wees om te eet en wyn om te drink.



Op die langpad luister Dana Snyman na 'n preek wat hom leeg laat voel, terwyl tonele soos hierdie een net duskant Sasolburg, buite die motorvenster verby flits.  
Foto: Dana Snyman